

Loop die pad saam met André P Brink

**Laduuuma!
Sokkerinstituut
skitter**

**Speel-speel
al hoe slimmer**





Voorblad:

Prof André P Brink, een van Suid-Afrika se mees gevierde skrywers, saam met sy kattekind, Glinka. Die kat in *Philida*, sy jongste roman, is juis op Glinka gebaseer. Lees meer hieroor op p 18 en 19.

Inhoud

Redaksioneel

- 4 Boodschap van die visekanselier
- 5 Loop 'n pad wat saak maak
- 6 Dit kom van ver af
- 7 Feather Fund gee drome vlerke

Artikels

- 8 Enigiemand kan iemand wees by die NWU
- 9 Uitblinker-alumni gaan erken word
- 10 2012 was 'n goeie oesjaar
- 12 Kampusnuus
- 14 NWU-kundiges ken hul storie



Artikels

- 15 Uitnemende navorsers beloon
- 16 Hier word mense se beste selfs beter
- 17 Konstruktief bou sy voort
- 18 Dis die pad wat jy loop, wat tel
- 20 Vreesloos en op die man af sê hy sy sê
- 22 'n (Slim)kop vir syfers
- 24 Die wêreld is sy woning
- 26 'n Huis vol stories
- 28 Met musiek raak hulle die harte van leerders aan



Artikels

- 29 Kundiges met eredoktorsgrade vereer
- 30 So speel-speel leer jy
- 32 Onthou jy Brylcreem, kamme en kougom?
- 34 Teken doele aan vir sokker in Suid-Afrika



Boodskap van die visekanselier

Beste alumni

Net voor u begin lees aan nog 'n volgepakte NWU & U met nuus van oraloor by die Noordwes-Universiteit wil ons eers net bietjie met hierdie tydskrif spog.

By 'n onlangse bekroningsgeleentheid van die jaarlikse Suid-Afrikaanse Publikasieforum-toekennings, is verskeie van die korporatiewe publikasies van die NWU vermeld, en is die NWU & U spesiaal vermeld vir uitstekende skryfwerk en kommunikasie.

Daarby was dit ook 'n finalis in die *Beste Eksterne Tydskrif* kategorie.

Wat die res betref, gaan dit nog steeds goed met die NWU!

Ten spyte van die feit dat vier ander universiteite in Suid-Afrika onder administrasie is en 'n ander een in 'n hofgeding met die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding gewikkel is, gaan die NWU van krag tot krag. Ons kernbesigheid is stabiel en gesond.

Elkeen van die kampusse van die universiteit is nou sterker as nege jaar gelede voor die samesmelting: die studentegetalle by elkeen het gegroei, infrastruktuur het beduidend verbeter, navorsingsuitsette het drasties verhoog en die finansiële posisie van die kampusse verbeter jaar na jaar.

Ons is baie dankbaar vir hierdie bloeityd, maar dit kom natuurlik met harde werk en baie toewyding.

Ons sien 'n lae en gesonde omsetkoers in ons personeelkorps oor al drie kampusse en by die Institusionele Kantoor, en tog is daar genoegsame gesonde invloed van nuwe personeel van buite dat nuwe maniere van doen voortdurend verseker word.

Net so belangrik is die bydrae wat ons bestuursmodel lewer om gesonde kompetisie tussen die kampusse te bewerk, sonder om sinergie prys te gee in die aanwakker van voortdurende groei en verbetering.

Hoewel hierdie tipe bestuursmodel ietwat vreemd mag voorkom in die universiteitslandskap, is dit geskoei op goeie sakebeginsels. Ander universiteite in Suid-Afrika begin dit nou as moontlikheid oorweeg vir die bestuur van multikampusinstellings.

Alles dui daarop dat 2012 waarskynlik die suksesvolste jaar tot dusver sal wees. Ek gee graag detailterugvoer hieroor in die volgende uitgawe in 2013.

Baie dankie vir die baie belangrike rol wat u speel in die bestaan van die NWU. Sonder 'n groeiende alumnibasis wat as belangrike belanghebbegroep aktief en krities betrokke is by die wel en wee van die universiteit, kan ons nie ons werk doen nie.

Ons sien dat die alumni en Konvokasie as formele belanghebbegroep al hoe sterker na vore tree, en is bly hieroor. Op hierdie terrein is ook opwindende ontwikkelings aan die gang waaroor ons graag volgende keer nog meer sal sê.

Mag u vrede en vreugde geniet tydens die einde-van-die-jaar-rustyd, en genoeg tyd kry om batterye te herlaai voordat 2013 'n werklikheid word! Geniet die tydjie saam met die mense wat vir u lief is.

Seënwense!

Theuns Eloff

Dr Theuns Eloff het onlangs 'n toekening van die Internasionale Vereniging van Besigheidskommunikeerders (IABC) ontvang. Meer hieroor op p 5.



Loop 'n pad wat saak maak

In hierdie uitgawe is 'n artikel oor prof André P Brink, 'n skrywer wat internasionaal bekend is en wie se boeke in meer as 30 lande gelees word.

In die onderhoud met die NWU & U het hy gesê dit is die pad wat jy loop wat saak maak, nie noodwendig die eindbestemming nie. Hoe waar is dit nie. Wanneer ons kyk na ons alumni is dit duidelik dat hulle lewens leef wat werklik saak maak – nie net vir hulle self nie, maar ook vir ander.

In hierdie uitgawe gesels ons met verskeie alumni wat dit wat hulle by die NWU ontvang het, gebruik om uit te blink op hul onderskeierreine en terug te ploeg in die gemeenskap.

Me Malebo Magasa, die besturende direkteur van 'n maatskappy wat huise en gemeenskapsale bou, staan haar plek vol in die manlik gedomineerde konstruksiebedryf (artikel op p 17).

Mnr Eric Ntumba Bukasa neem nog altyd sonder skroom die leiding waar hy ook al betrokke is (artikel op p 20).

Prof Mamokgethi Setati, wiskundige en navorsers van formaat, inspireer jong mense en op grondvlak help haar "adopt-a-learner"-projek kinders wat 'n aanleg vir wiskunde het (artikel op p 22). Mnr Maans Pretorius



hou die NWU se vaandel hoog in Ohio waar hy die president van Seadrift Coke, die wêreld se tweedegrootste verskaffer van petroleum-gebaseerde naaldkooks is (artikel op p 24).

Geen wonder dus dat die uitvoerende komitee van die NWU se Konvokasie onlangs besluit het om twee toekennings vir alumni-presteerders in te stel nie. Met dié toekennings wil die NWU erkenning gee aan sy uitblinker-alumni. Soos adv Jan Henning, die president van die Konvokasie, tereg in die artikel op p 9 opmerk, sal die NWU op sy beurt weer hierdie besondere individue as 'n rolmodel en inspirasie vir sy huidige studente kan voorhou.

Die suksesverhale van ons alumni sluit ook goed aan by ons nuwe handelsmerkmanifestes (artikel op p 8). Die nuwe rigting wat ons inslaan met ons handelsmerkontwikkeling gaan oor die idee dat die NWU die plek is waar mense se drome begin en hul toekomstige sukses ontwikkel word.

Wanneer 'n mens na die NWU se prestasies van die afgelope paar jaar kyk (artikel op p 16) is dit ook duidelik dat die instelling self op die pad na al hoe groter sukses is.

Dis egter nie net die NWU se beste wat al hoe beter word nie, maar ook sy studente s'n. Wie sou byvoorbeeld soveel jare gelede op die kampus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys kon voorsien dat die talentvolle jong student, André Philippus Brink, eendag 'n wêreldberoemde skrywer sou word?

So is daar vandag op die NWU se kampusse waarskynlik baie studente wat eendag op een of ander terrein nasionale en selfs internasionale bekendheid sal verwerf. Want die NWU is immers die plek waar mense hul strewes visualiseer... die plek waar mense geleer word dat elke tree op die pad wat jy loop, werklik saak maak.

Lekker lees,

Nelia en Marelize

Visekanselier ontvang IABC EXCEL-toekenning

Dr Theuns Eloff, visekanselier van die NWU, is aangewys as vanjaar se ontvanger van die Internasionale Vereniging van Besigheidskommunikeerders (IABC) se "Africa Excellence in Communication Leadership"-toekenning (EXCEL-toekenning).

Die toekenning is op 18 Oktober formeel oorhandig by die galadinee van die IABC Africa 2012-konferensie in Kaapstad.

Dit is een van die hoogste eerbewyse van IABC Africa en word gegee aan 'n senior figuur wat bewys het dat hy of sy kan lei deur middel van doeltreffende kommunikasie.

"Ek voel geërd dat die IABC – met 'n uitstekende reputasie in besigheidskommunikasie – hierdie toekenning gemaak het," het dr Theuns gesê. "Die feit dat hierdie erkenning aan 'n visekanselier en 'n universiteit gegee is – 'n omgewing wat nie gewoonlik bekend is vir uitstekende besigheidskommunikasie nie – maak hierdie toekenning nog meer noemenswaardig."

Hierdie toekenning word oorhandig aan 'n persoon wat nie self 'n IABC-lid is nie, maar wat 'n leier in die industrie is, en wat moeite doen om met belanghebbers van regoor die wêreld te kommunikeer. Dit gee erkenning aan aktiewe betrokkenheid en opregte belangstelling daarin om te luister na en te leer by alle mense.

Een van die vernaamste vereistes vir weners van die Excel-toekenning is 'n persoonlike, humoristiese en selflose styl van kommunikasie; 'n styl waarby uiteenlopende groepe mense binne breër gehore kan aanklank vind.

Dr Eloff het al verskeie toekennings ter erkenning van sy leierskap-, bestuurs- en kommunikasievaardighede ontvang en die IABC-toekenning bevestig weereens sy verbintenis tot betekenisvolle kommunikasie met belanghebbers.

Redaksionele span: Personeel van Korporatiewe Sake en Verhoudinge, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. Bladuitleg: Graphikos. Drukwerk: Iyline Technologies. Fotografie: NWU-kollegas en -diensverskaffers. Vir verdere navrae/korrespondensie: Nelia Engelbrecht - Tel 018 299 4937, faks 086 614 3222. NWU & U word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-departement van die NWU in Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë wil hê, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die NWU & U in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

Dit kom van ver af

Dit bly darem lekker om van die NWU-alumni te hoor. In hierdie uitgawe van die NWU & U plaas ons graag weer briewe wat ons alumni van heinde en verre gestuur het.



Beste redaksie,

Dit was somer baie lekker om die Alumni-publikasie te kon lees – ek het dit baie geniet. Dit stem 'n mens positief om te sien dat dit nog goed gaan met 'n instansie soos die NWU. ('n Ligpunt in 'n wêreld waar so baie dinge agteruitgaan of verval.)

Ek sien uit na die volgende uitgawe.

Puk-groete,

Antonie Hanvinga, Klerksdorp

Ons deel ook 'n elektroniese “gesprek” tussen twee Vaaldriehoekkampus-alumni, mnr Hein Geldenhuis en prof Marius Stander:



Geante redaksie,

Die tydskrif lyk rêrig bakgat! Ek weet nie of ek teen die regte boom blaf nie, maar hoe kan mens te werk gaan om die koshuisgeskiedenis van die Rivierpukke reg te stel? As ek reg onthou, begin hulle direk by die koshuise met die nuwe kampus, terwyl daar in die verlede wel 'n koshuis (met die klem op huis) by die Goodyear-kampus was.

Groete,

Hein Geldenhuis, Lydenburg

So antwoord prof Marius:



Hein is akkuraat met sy geskiedenis.

Die eerste koshuis het by die Goodyear-kampus begin in 1982. Wat kantore was, is omskep in 'n koshuis. Eerste Hein met sy twee slange (Rinkhals en Pofadder) was een van eerste inwoners – ek dink die eerste een. Prof Tom van Dyk (kampushoof) en prof Stephen Kruger (koshuisvader) het amper hartaanvalle gekry toe hulle die slange sien.

Groete,

**Prof Marius Stander,
Vaaldriehoekkampus, NWU**



Beste redaksie,

Baie dankie vir u e-pos en die skakels na die nuusbriewe. Dit was lekker om so deur die briewe te blaai en al die nuus te lees.

Dit maak mens trots om te sien hoe die universiteit groei en 'n dinamiese instelling bly. Ek was veral verras om van die nuwe biblioteek op die Vaaldriehoekkampus te lees, want ek het baie belang daarby gehad. Ek was die eerste voltydse bibliotekaris van die destydse “PU vir CHO, Vaaldriehoek” en het in Januarie 1977 daar begin.

Ons was destyds 13 gesinne wat vanaf Potchefstroom na Vanderbijlpark oorgeplaas is om die eerste voltydse personeelkorps vir die universiteit te vorm en ek het nog wonderlike herinneringe aan daardie tydperk van die universiteit se geskiedenis.

Die universiteit was toe nog in die geboue in Shakespearestraat gehuisves en die biblioteek was regoor die straat in 'n kleiner gebou.

Prof Tom van Dyk was die eerste viserektor en die latere viserektor, prof Piet Prinsloo, was ook deel van daardie groep akademici wat die Vaaldriehoekkampus help vestig het.

Daar is nog baie ander bekende name en na my wete lewe die meeste nog, alhoewel prof Van Dyk reeds oorlede is en so ook sy sekretaresse, me Elsa de Wet – daar mag nog enkele ander ook wees.

Ander name wat by my opkom, is mnr Chris Windell (skakelbeampte) en onder andere prof Louis Venter, prof Daan Gouws en prof Hennie Weber.

Die klompie mense wat voltyds op Vanderbijlpark was, was onvoldoende om al die klasse aan te bied en baie dosente moes nog middae vanaf Potchefstroom na Vanderbijlpark toe ry om te help met klasse, en dan baie laat in die nag weer terugry Potchefstroom toe. So het hulle vir 'n hele paar jaar gependel tussen die twee sentra.

Moet die huidige Vaaldriehoekkampus nie miskien 'n reünie van daardie 1977-groep personeellede reël nie? Daartydens kan iemand miskien herinneringe neerskryf en dit later behoorlik dokumenteer.

Soos dit is, is dit al 35 jaar gelede – oor nog 15 jaar van nou af is dit 50 jaar en dan is die meeste herinneringe daarmee heen.

Die huidige visekanselier, dr Theuns Eloff, sal ook nog baie herinneringe aan daardie dae hê. Hy het destyds as student vakansiewerk in die Ferdinand Postma-biblioteek gedoen en ek en hy moes talle ritte per vragmotor Vanderbijlpark toe aflê om die biblioteek se meubels, boeke, ens. af te lewer.

Dit is bloot 'n gedagte en waarskynlik net vir my persoonlik van belang. Ervaring het my egter geleer dat mens baie jare later spyt is dat sekere belangrike momente van 'n

Feather Fund gee drome vlerke

Watter beter manier is daar om jou akademiese erfenis te vier as om ander te help om hulle drome waar te maak?

Hierdie gedagte was die inspirasie vir die ontstaan van die NWU se Vaaldriehoek-kampus se Feather Fund tydens dié kampus se alumni-reünie in September 2012.

Die fonds is die resultaat van 'n gesamentlike poging deur die alumnikantoor en die fondsinsamelingskantoor op die kampus en is daarop gemik om 'n volhoubare toekoms vir die kampus en die gemeenskap wat dit dien, te bou.

Met dié fonds sal minderbevoorregte studente gehelp word om hulle drome waar te maak en so sal die band tussen die verskillende geslagte alumni versterk word.

Lede van die kampus se senior bestuur en van die Alumni-advieskomitee het reeds tydens die alumni-reünie openlik hul steun aan die Feather Fund toegesê deur 'n onderneming van steun aan die fonds te onderteken.

Volgens me Lydia Mokgatle, die hoof van die fondsinsamelingskantoor, sal bydraes tot hierdie fonds lei tot die bou van 'n gemeenskap waar alle mense met menswaardigheid en respek behandel word.

Alle alumni word uitgenooi om tot hierdie nuut gestigte fonds by te dra.

"Deur by te dra tot die fonds sal alumni die lewens van ander positief beïnvloed en die wêreld 'n beter plek maak," sê Lydia.

Alumni wat bydraes wil maak kan vir Lydia by lydia.mokgatle@nwu.ac.za of tel 016 910 3104 kontak.



Mnr Heinrich Kriel, die voorsitter van die Alumni-advieskomitee, onderteken die onderneming om die Feather Fund te ondersteun.

instansie se geskiedenis nie beter opgeteken is nie, want dan word daar meer vrae gevra as wat daar antwoorde voor is.

Nogmaals dankie vir die e-publikasies – dit is ongelooflik wat die tegnologie alles kan vermag.

Groete,
George de Bruin, Vanderbijlpark

So antwoord me Alwa Naudé, die alumni-koördineerder op die Vaaldriehoek-kampus:



*Beste George,
Baie dankie vir jou e-pos met die kosbare inligting en voorstelle.*

Tydens 'n alumni-ontbyt op Woensdag, 17 Oktober het prof Joppie van Graan, prof Marius Stander en prof Johann Coetzee my juis gevra om volgende jaar onder meer 'n reünie vir personeel wat van 1970 en daarna aan die kampus verbonde was, te reël – baie van hulle is natuurlik ook alumni.

Ons sal dit so waardeer as enigeen intussen vir ons name en kontakbesonderhede kan deurgee.

So, George, "watch this space"!

Alwa Naudé, Vaaldriehoek-kampus



Geachte redaksie,

My naam is Matsebe Lucas Lekalakala. Ek is op die oomblik verbonde aan IB Damons Gekombineerde Skool (ongeveer 10 km oos van Brits), waar ek die adjunkhoof is.

Ek is 'n lid van die skoolbestuursplan en ek is die personeelontwikkelingsplan se koördineerder. Ek dien ook op die raad van die Brits Distrikshospitaal.

In 2008 het ek die GOS – Kurrikulum- en Professionele Ontwikkeling-kursus deur die Potchefstroomkampus voltooi, gevolg deur die GOS – Skoolleierskap-kursus by dieselfde kampus vanjaar.

Ek vind julle publikasies baie insiggewend, leersaam en interessant. Gaan voort met die goeie werk! Ek sien uit na meer alumnipublikasies in die toekoms sodat ek op hoogte kan bly van al die nuutste ontwikkelings.

Ek sal altyd kontak behou.

Vriendelike groete,
Matsebe Lucas Lekalakala, Brits



Beste redaksie,

Ek is 'n pas aangestelde personeelid in die Departement Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning op die Vaaldriehoek-kampus.

Ek sal graag wil bydra tot die onlangs gestigte Alumni Feather Fund. Ek verstaan die doelwitte van hierdie fonds baie goed, want ek het myself ook al in 'n situasie bevind waar ek nie klas toe kon gaan nie as gevolg van hongerte.

Vandag kan ek my plek volstaan omdat die instansie my die persoon gemaak het wat ek nou is. Ek was deel van die Ikateleng-projek in 2004. Ek was besig met matriek en hierdie kampus het vervoer, kos en akademiese bystand verskaf vir behoeftige studente. Destyds was ek een van hulle en vandag, ses jaar later, is ek in diens van dieselfde instansie.

Groete,
**Lebo Kumalo,
Vaaldriehoek-kampus, NWU**

Skryf gerus en vertel vir ons waar in die wêreld julle jul bevind en hoe dit met jul loopbane en gesinne gaan. Stuur julle briewe na nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of faks dit na 086 614 3222 of pos dit na Nelia Engelbrecht, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520.

ONS HOOR GRAAG VAN JULLE!

ENIGIEMAND kan IEMAND wees by die NWU

DIT BEGIN ALLES HIER.

Hierdie nuwe slagspreuk vir die Noordwes-Universiteit verwys na 'n plek waar drome ontstaan – 'n plek waar jy jou aspirasies en toekomstige sukses kan visualiseer.

Die slagspreuk is op 29 Augustus 2012 deur die universiteit se Institusionele Bestuur goedgekeur en weerspieël die NWU as 'n instansie wat geleentheid vir mense bied en dinge vir hulle moontlik maak.

Me Lindi Cameron, die NWU se handelsmerkbestuurder, sê in plaas daarvan dat die NWU op homself fokus, verskuif die fokus nou na sy belanghebbers.

Dit sluit in studente, ouers, alumni, donateurs, sakelui, personeel, navorsingsinstansies en die regering.

Dit beteken ook dat die NWU nader aan sy teikengroepe beweeg en 'n benadering van "voorskryf vanuit 'n ivoortoring" vir deelnemende betrokkenheid verruil.

Volgens die nuwe benadering raak ons dus by ons belanghebbers betrokke, eerder as om net met hulle te praat.

Marknavorsing het gewys dat die vorige slagspreuk (Innovasie deur diversiteit) 'n funksionele, interne fokus gehad het en dat 'n eksterne, posisie-gefokusde slagspreuk nodig was.

Die gevoel is dat die nuwe slagspreuk wat aanvaar is, die voordele vir belanghebbers baie duideliker weerspieël as wat die vorige een kon.

NUWE MANIFES

Behalwe die nuwe slagspreuk is 'n handelsmerkmanifes ontwikkel waarop die universiteit sy bemarking en kommunikasie sal grond. (Sien tekskassie.)

Ook uit hierdie manifes is dit duidelik dat die benadering nou baie meer op die verbruiker fokus.

Dit kom daarop neer dat ons eerder in die prestasies, drome en lewensverhale van ons belanghebbers belang stel, as om oor ons eie te praat.

Die NWU verskaf dus die ondersteunende omgewing vir studente waar hulle kan word wat hulle wil wees, vir werkgewers om die werknemers te kry wat hulle wil hê, en vir die regering om te sien dat ons deur relevante onderrig-leer en navorsing in die behoeftes van ons land voorsien.

ENIGIEMAND KAN IEMAND WEES

Wanneer die nuwe handelsmerkposisionering visueel toegepas word, (met ander woorde wanneer 'n idee in beelde en woorde vergestalt word) word die idee dat "enigiemand iemand kan wees" gebruik.

Dit kom daarop neer dat die NWU gewone mense in staat stel om buitengewone dinge te doen.

"Ons wil aan studente en personeel die boodskap oordra dat hulle groot hoogtes in die wêreld van wetenskap, of musiek, of wat hulle gekose veld ook al is, kan bereik, en dat hulle die vermoë het om ander te bemagtig," sê Lindi.

ONTWIKKEL JOU POTENSIAAL

As jy dus na 'n beter toekoms soek, of bloot 'n verskil in mense se lewens wil maak, of net 'n stewige fondament vir jou toekoms wil bou, is die NWU die plek waar potensiaal gekoester word, waar die gewone die buitengewone word, en waar enigiemand iemand kan wees.

DIT BEGIN ALLES HIER.

Handelsmerkmanifes

**DIT GAAN OOR
MEER AS NET ONDERRIG
DIT GAAN OOR
DIE GELEENTHEDE WAT
ONDERRIG BRING.**

Hierdie is 'n plek... waar enigiets moontlik is. 'n Plek waar die verbeelding geen grense het nie, en drome begin.

'n Plek wat 'n stem gee aan wie jy waag om te wees. Waar elke nuwe dag 'n geleentheid is om die volgende grootste – vinnigste – hoorbaarste – trotsste... die volgende eerste te wees.

Dis 'n plek waar stemme duideliker word, strewes gevisualiseer word, en toekomstige suksesse ontwikkel.

Anderkant die deure lê ons roeping... Hier word ons nuwe nalatenskap neergeskryf, en floreer ons eenheid binne diversiteit.

Dit is die plek waar "wat as" verander na "wat is"; waar "as" verander na "wanneer"; en "dalk" verander na "kan."

Die NWU is die plek waar jou beste die geleentheid het om beter te word.

Uitblinker-alumni gaan erken word

Die NWU is trots op sy alumni en het besluit om van 2013 af amptelike erkenning te gee aan diegene wat persoonlike en beroepsprestasies behaal en uitsonderlike bydraes tot hul gemeenskappe lewer.

Hierdie besluit is geneem tydens 'n vergadering van die uitvoerende komitee van die Konvokasie op 21 September 2012. "Alumni van die NWU trap jarelang reeds diep spore – nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal," sê adv Jan Henning, die president van die Konvokasie.

"Die NWU is bevoorreg om met so 'n uitgelese belanghebbegroep te kan spog. NWU-alumni blink uit op alle gebiede – vanaf onderrig-leer, navorsing en gemeenskapsdiens, tot op die sportveld.

"Dit is vir my 'n besondere voorreg as die president van die Konvokasie om u uit te nooi om deel te neem aan die nominasieproses en daardeur te verseker dat ons ons ambassadeurs wat op hoë vlak presteer het, erken. Ons wil graag hierdie besondere individu voorhou as 'n rolmodel en inspirasie vir ons huidige studente, wat hulle tot hoër hoogtes sal aanspoor."

Twee toekennings vir uitblinkers

Daar sal twee toekennings wees: die Alumni-toekenning en die Lewensprestasietoekenning. Om vir die Alumni-toekenning te kwalifiseer, moet alumni aan die volgende vereistes voldoen:

- Hulle moes 'n graad of diploma aan die NWU of een van sy voorgangers behaal het.
- Hulle moes uitnemende persoonlike of beroepsprestasies behaal het.
- Hulle moes voortreflike bydraes tot die gemeenskap gelewer het.
- Hulle moes beduidende leierskap getoon het op bogenoemde terreine.
- Hulle moet voortgaande toewyding aan die NWU toon.

Die Konvokasie mag besluit om uit die nominasies wat vir die Alumni-toekenning ontvang is, die Lewensprestasietoekenning aan 'n uitsonderlike genomineerde toe te ken.

Lewenslange bydraes

Die Lewensprestasietoekenning vereer uitstekende individue wie se buitengewone lewenslange persoonlike en beroepsprestasies van hulle inspirerende rolmodelle vir die toekoms maak. Hierdie toekenning sal net op seldsame geleenthede toegeken word waar die kandidate werklik buitengewone en verdienstelike diens aan die gemeenskap gelewer het.

Die vereistes waaraan alumni moet voldoen om in aanmerking te kom vir die Lewensprestasietoekenning is die volgende:

- Hulle moes 'n graad of diploma aan die NWU of een van sy voorgangers behaal het.
- Hulle moes uitsonderlike sukses op professionele, akademiese of navorsingsterrein behaal het.
- Hulle moet toewyding aan die gemeenskap en gemeenskapsdiens toon.
- Hulle moet as besondere rolmodelle vir huidige en toekomstige studente dien.
- Hulle moet voortgaande toewyding aan die NWU toon.
- Hulle moes nasionale en internasionale erkenning ontvang het (byvoorbeeld aanstellings of toekennings).
- Hulle moes 'n uitsonderlike bydrae tot die samelewing gelewer het, nasionaal of internasionaal.

Huidige lede van die uitvoerende komitees van die NWU se Raad en Konvokasie, asook lede van die Institusionele Bestuur kom nie in aanmerking vir die toekennings nie en mag dus nie genomineer word nie.

So werk die nominasies

Amptenare van die NWU, alumni, permanente NWU-personeellede, raadslede en lede van die Raad van Donateurs mag nou nominasies indien vir die Alumni-toekennings.

Nominasies word nie vir die Lewensprestasietoekenning ingedien nie, aangesien die beoordelaars self kan besluit of hulle hierdie toekenning aan een of meer van diegene wat genomineer is vir die Alumni-toekennings, gaan toeken of nie.

Die nominasievorm wat in die NWU & U is, kan vir nominasies gebruik word – maak seker dat al die velde voltooi word.

Hou ook die kriteria soos uiteengesit, in gedagte, en verskaf deeglike motivering waar nodig. Nominasies moet voor of op 31 Maart 2013 by die institusionele registrator (as sekretaris van die Konvokasie) ingedien word.

Die uitvoerende komitee van die Konvokasie sal die nominasies evalueer en die ontvangers van die toekennings sal tydens 'n alumni-dinee in September 2013 aangekondig word.

Enige vrae oor die nominasieproses kan gerig word aan me Therina du Pisani in die kantoor van die Direkteur: Ontwikkeling en Alumniverhoudinge by tel 018 299 4156 of therina.dupisani@nwu.ac.za.

Voltooide nominasievorms kan gepos word aan me Therina du Pisani, Interne Bussie 612, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520. Dit kan ook gefaks word na 018 299 4605.

Om die vorm elektronies te voltooi, gaan na die NWU se webwerf en klik op Alumni onder "Inligting vir" en dan op die skakel na die nominasievorm.

7 000 bereik

Sedert die NWU se alumni-oproepsentrum op 1 Maart 2012 begin funksioneer het, het hulle al meer as 7 000 alumni gekontak. Dié prestasie is te danke aan die sentrum se vier voltydse en twee deeltydse personeellede.

Die voltydse personeellede is mnr Stef en me Magda Van der Linde en me Thandi Ralekgetho wat die alumni bel, en me Louisa Vermeulen wat die inligting wat ingesamel word, op die NWU se databasis vaslê. Die deeltydse personeellede is mnr Jaap en me Annatjie Verhoef wat in die middag oproepe na alumni maak.

2012 was 'n goeie oesjaar

Goeie musiek, goeie kos en wyn, en selfs nog beter geselskap was aan die orde van die dag toe NWU-alumni in 2012 tydens verskillende geleenthede saam gekuier het. Die NWU & U het by hierdie feestelike byeenkomste gaan inloer.

Vaal hou laataand-opskop en vroegoggend-ontbyt



Prof Johann Coetzee, 'n leier op die gebied van welstand, spreek alumni van die Vaaldriehoekskampus toe tydens 'n ontbytssessie.

Alumni van die Vaaldriehoekskampus het in September hul dansskoene aangetrek vir 'n teater-huldeblyk aan die legendariese Freddie Mercury en die musiegroep Queen.

Kort daarna, in Oktober, het hulle tydens 'n ontbytssessie saam met prof Johann Coetzee besin oor die balans tussen werk en lewe.

Musiekplesier

Tydens die swierige aandfunksie in Vanderbijlpark was die tema van die musiek-produksie "Die spel moet voortgaan".

In sy toespraak het prof Thanyani Mariba, die kampusrektor, gesê die alumni presteer besonder goed in verskillende posisies in die wêreld. "Ons alumni is talentvolle en bekwame beroepslui wat hul kundigheid en ervaring deel en so 'n vooruitstrewende nalatenskap vir hul alma mater ontwikkel." Lede van die kampus se eerste Alumni-advieskomi-

tee is ook voorgestel. Die voorsitter van die komitee, mnr Heinrich Kriel, het verduidelik watter rol die komitee speel om die wedersydse voordelige langtermynverhouding tussen die alumni en die kampus te bevorder.

Ontbyt-inspirasie

Tydens die alumni-ontbyt in Oktober het die gasspreker, prof Johann Coetzee, alumni daarop gewys dat bestuurders en leiers as't ware hul kwalifikasies en professionele titels "word".

Hy het gesê individue in 'n professionele beroep kan gedurende hul loopbane tot 10 jaar oortyd werk sonder vergoeding, en in die proses verlore raak tussen "self leef" en "geleef word".

Prof Johann, self 'n alumnus, is 'n praktiserende bedryf- en organisatoriese sielkundige en 'n kenner op die gebied van werk-lewe-integrasie.

Gala-aand laat alumni terug verlang

Die jaarlikse gala-aand vir alumni wat op 31 Augustus in die Great Hall op die Mafikengskampus gehou is, het die geleentheid geskep vir meer as 100 alumni uit verskillende dele van die industrie en sakesektor om te netwerk.

Tydens sy toespraak het die kampusrektor, prof Dan Kgwadi, gesê die gala-aand vier die voortreflikhede van die inspirerende alumni-uitblinkers wat in die sakesektor en regering werk tot voordeel van Suid-Afrika en sy toekomstige geslagte.

Dr Theuns Eloff, die visekanselier, het gesê dit is altyd belangrik om te kyk na wat die korporatiewe wêreld nodig het teenoor dit wat ons as universiteite aanbied. "Geleenthede soos hierdie moet die antwoorde bied

en die weg baan om die twee sake te balanseer," het hy gesê. Na 'n voortreflike ete met die satyngladde klanke van die kampus se

jazz-orkes in die agtergrond, het alumni die nag in gedans op maat van die liedjies wat die kampuskoor gesing het.

Van die gaste en alumni wat die gala-aand bygewoon het is van links mnr Dumile Mlambo, mnr Ntshekan Sekane, prof Dan Kgwadi (kampusrektor) en mnr Oscar Sele.



Noordwes-Universiteit ALUMNitydskrif



80 oudstude te h et op 31 Augustus 2012 in Bloemfontein bymekaar gekom. Hier is, van links, me Cornel de Klerk, me Chantelle van der Merwe, mnr Albert Hendriks, me Marilize le Roux, mnr Riaan Kramer en mnr Nicolaas Esterhuyzen.

Hulle kuier tog te lekker

Hulle kom so baie byeen omdat dit vir hulle so lékker is.

Ja, dit is ook 'n sin vir lojaliteit en sosiale verantwoordelikheid wat die alumni van die Potchefstroomkampus aanspoor om saam te kuier, maar as 'n mens kyk na die geesdrif waarmee hulle dit doen, kan die LEKKER-faktor sekerlik nie onderskat word nie. Kyk net wat het hulle alles gedurende 2012 gedoen:

- Groepe van tussen 50 en 120 elk het streeksaamtrekke in die Kaap, Rustenburg, Johannesburg/Pretoria, Bloemfontein, Windhoek en Swakopmund bygewoon.
- Studenteraadslede van die afgelope 10 jaar, en die eerstejaars van 1962 het reünies gehou.
- Alumni het die jaarlikse Pukki-talentfees bygewoon en geniet.
- Oud-inwoners van De Wilgers het hul 20 jaar-reünie gehou, Patria hul 30 jaar-reünie en Over de Voor hul 50 jaar-reünie.
- Sowat 850 vertrekkende studente het die jaarlikse makietie geniet wat aan die einde van elke jaar vir hulle gehou word om hulle as nuwe alumni te verwelkom.
- Gholfspelers het mekaar tydens nege gholfdae regoor die land die stryd aangesê. Alumni wat by die gholfsklub wil aansluit, kan vir mnr Frik Prinsloo by frik.prinsloo@nwu.ac.za of by tel 018 299 2770 kontak.
- Lede van die wyngilde het een keer per maand bymekaar gekom om wyne van kelders soos onder meer Saronsberg, Knorhoek, 10 Chapters, Solms-Delta, Wildekrans, Kanu en Nitida te proe. Diegene wat volgende jaar wil saam proe, kan me Yolandi Yssel by yolandi.yssele@nwu.ac.za of 018 299 2768 kontak.

2013, hier kom ons!

Al drie kampusse van die NWU het groot planne vir hul alumni vir 2013.

In die eerste helfte van 2013 gaan die **Mafikengkampus** se alumni-kantoor alumni regoor Suid-Afrika besoek en bande smee met prominente alumni. Die jaarlikse gala-aand vir alumni sal weer in Oktober gehou word. Vir hierdie geleentheid sal kampustalent ten toon gestel word tydens 'n spesiale program wat in samewerking met die kampus se kultuurkantoor saamgestel sal word.

Op dieselfde dag sal alumni vroeg die oggend aan 'n kampustoer deelneem en 'n spesiale lesing ('n sogenaamde "prestige

lecture"), gelever deur 'n prominente alumni, bywoon.

Die **Potchefstroomkampus** se alumni-kantoor beplan koshuisreünies vir Eikenhof (20 jaar), Oosterhof (50 jaar) en Vergeet-my-nie (40 jaar), asook 'n aantal streek-saamtrekke.

'n Reünie vir 1963 se eerstejaars sal aan die einde van die jaar gehou word. Gholf-geesdriftiges sal oudergewoonte op verskillende bane afslaan en die wyngilde sal soos gewoonlik maandeliks in Potchefstroom bymekaar kom. 'n Opwindende moontlikheid wat ondersoek word, is om in 2013 'n reünie in Suid-Korea te hou. Alumni van die Potchefstroomkampus kan die E-PUKaner en die

NWU-PUK Alumni-facebookgroep dop-hou vir die finale datums wanneer hierdie aktiwiteite sal plaasvind.

Die **Vaaldriehoekkampus** beplan drie of moontlik vier ontbytssessies waartydens prominente alumni hul mede-alumni sal toespreek, asook reünies vir oudstude te uit die 70's en 80's.

Die Alumni-advieskomitee sal steeds 'n prominente rol speel in alumni-aktiwiteite en veral in die finalisering van die grondwet vir alumni. Mnr Heinrich Kriel, die voorsitter van die komitee, sal as ambasadeur van die Feather Fund optree. (Lees meer oor die Feather Fund op p 7.)



Skakel in: Mnr Itumeleng Bahetane, radio-stasiebestuurder, sien uit daarna om die lug-golwe met die klanke van River fm te vul.

Alles gereed vir River fm

Die Vaaldriehoek-kampus is een tree nader daaraan om sy droom te verwesenlik om 'n operasionele radio-stasie op die kampus te hê. Dit volg op die skriftelike bevestiging van die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (OKOSA) dat die voorgestelde naam vir die stasie, River fm, goedgekeur is. Die aansoek om te registreer vir 'n lisensie vir 'n gemeenskapsklankuitsaaiers wat krag uitstraal wat nie een watt oorskry nie, is ook goedgekeur.

Volgens mnr Itumeleng Bahetane, die radiostasiebestuurder, is dit belangrik om te onthou dat hoewel die lisensie goedgekeur is, dit eers formeel uitgereik sal word nadat die stasie aan sekere seinverspreidingsvereistes voldoen het. Sentech, die nasionale seinverspreider, sal tegniese hulp vir die nodige netwerk-gebaseerde infrastruktuur verskaf.

"Nadat ons die kwessie van voldoening aan die vereistes opgelos het, kan ons studente begin werf om verskillende poste by die stasie te vul," sê Itumeleng, en voeg by dat River fm 'n noodsaaklike skakel in die studentekommunikasieraamwerk op die kampus sal wees.

Die radiostasie en die studente se e-koe-rant, Student 24/7, sal saamspan om te verseker dat die kampusgemeenskap ingelig bly oor gebeure op die kampus en daarbuite, asook op ander plekke in die wêreld.

Wanneer River fm gefinaliseer is, sal al drie kampusse 'n eie studenteradiostasie hê. PUKfm is die radiostasie op die Potchefstroomkampus en NWU fm saai op die Mafikengkampus uit.

Gratis borsmelk vir premature babas in Noordwes

Premature babas wat nie toegang tot borsmelk het nie, kan nou voordeel trek uit 'n borsmelkbank wat onlangs in Potchefstroom geopen is.

Dié borsmelkbank is 'n eerste van sy soort in die provinsie en is 'n gesamentlike inisiatief van die NWU en die provinsiale regering van Noordwes, volgens dr Welma Lubbe van die Skool vir Verpleegkunde op die Potchefstroomkampus.

"Die bank is by die Potchefstroom Hospitaal geleë en sal 'n diens lewer wat behels dat moedersmelk ingesamel word van vroue wat 'n oormaat borsmelk het. Dit sal dan aan hospitale geskenk word waar premature babas nie toegang tot borsmelk het nie."

Dr Welma sê dit gebeur gereeld dat moeders van vroeggebore babas nog nie in staat is om te lakteer nie, of siek is en daarom nie dadelik kan borsvoed nie. Dit is tot reuse voordeel vir babas wanneer hulle met bors-

melk gevoed kan word. Dit kan selfs hulle lewens red," sê sy.

Met die opening van die borsmelkbank kan ouers nou die beste vir hul kinders bied. Die vroue wat hul melk skenk sal dit in plastiekbottels stoor en vries. Daarna sal die werknemers van die borsmelkbank dit kom haal, pasteuriseer en die nodige toetse vir onder andere MIV/Vigs en tuberkulose doen. Sodra dit aan alle vereistes voldoen, word dit by die borsmelkbank gevries en na hospitale in die provinsie versprei.

"Vir die feit dat veral premature babas se ingewande maklik geperforeer kan word en siektetoestande in die bloedstroom opgeneem word, tree borsmelk op as 'n smeermiddel wat die maagwand seël en gifstowwe buite hou," sê dr Welma.

Slegs premature babas sal voordeel uit die borsmelkbank trek, as gevolg van die skaarsheid van moedersmelk.

Nuwe viserektor vir die Mafikengkampus aangestel

Die Mafikengkampus het onlangs vir prof Mashudu Maselesele as Viserektor: Onderrig en Leer aangestel. Prof Maselesele, wat sedert 2008 die dekaan van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie (FLWT) was, vervul hierdie nuwe rol vanaf die begin van Oktober hierdie jaar.

Vandat sy in 2007 by die universiteit aansluit het, het prof Maselesele, 'n Venda-prinses wat in die dorpie Balangani in Limpopo gebore is, 'n fenomenale bydrae tot die kampus gelewer – as akademikus sowel as leier.

Die studente en personeel aan die universiteit noem haar liefderyk "prof Mashudu", en sy was behulpsaam met die daarstelling van die fakulteit se eerste nisarea, Voedselveiligheid en -sekuriteit, wat onlangs goedgekeur is. Tydens haar ampstyd as dekaan van die grootste fakulteit op die kampus het die navorsinguitset van 5,58 eenhede in 2007 tot 16,1 eenhede in 2008 gegroei, en tot 'n verdere oorweldigende 105,84 eenhede in 2011.

Prof Eno Ebenso sal as dekaan van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie waarnem tot dat 'n nuwe dekaan aangestel is.

*Baanbreker:
Prof Mashudu
Maselesele is die
eerste vroulike
viserektor op die
Mafikengkampus.*



Mafikengkampus wil voortaan ingenieurs oplei

Die Mafikengkampus beoog om as deel van sy transformasie-agenda drie nuwe ingenieursprogramme by sy kwalifikasiemengsel te voeg.

Die drie programme – Landbou-ingenieurswese, Vervoeringeniërs- en Rekenaar-ingenieurswese – sal deel vorm van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie (FLWT).

Die fokus van die fakulteit se strategiese planne is op 'n doeltreffende reaksie op die uitdagings van 'n semi-droë landelike omgewing, asook op die breë uitdagings waarvoor landelike gemeenskappe in die provinsie, die land en die SAOG-streek te staan kom.

'n Aansienlike hoeveelheid werk is reeds gedoen om vir die Landbou-ingenieurswese-program voor te berei. Die fakulteit, onder leiding van die voormalige dekaan, prof Mashudu Maselesele (nou die Viserektor: Onderrig-Leer), is in 2010 na die Universiteit van Napels genooi, waar sterk samewerkingsbande tussen die twee universiteite gesmee is.

As uitvloeisel van hierdie samewerking is 'n memorandum van verstandhouding onderteken, ingevolge waarvan die Universiteit van Napels daartoe verbind is om deur uitruilprogramme steun aan kapasiteitsontwikkeling te verleen.

Die meeste van die kampus se bestaande landboukursusse kry 'n prominente plek in die nuwe Landbou-ingenieurswese-program.

Die kampus het reeds Vervoerekonomie as program, en lewer tans sterk meestersgraad- en PhD-studente in Rekenaarwetenskap, hoewel groter fokus op die ingenieursweskant nodig is.

“Ons beskou dit as 'n betekenisvolle transformasieopgawe om toegang tot skaars akademiese velde uit te brei,” sê prof Dan Kgwadi, rektor van die Mafikengkampus.

Deur hierdie programme by die kampuskurrikulum in te sluit, beoog die kampus om 'n kritieke massa ingenieurs te bou wat met 'n landelike omgewing vertrou is.

Toekenning vir uitnemendheid

Die Vaaldriehoekskampus het nog 'n prestisjetoekeening vir sy trofeeas bygekry. Die kampus het onlangs 'n “Global Business Roundtable”-toekenning vir Uitnemendheid ontvang en sodoende deel geword van die GBR se globale netwerk van sakelui en professionele persone.

Volgens dr John Maloma, die direkteur van Bemaking en Kommunikasie op die kampus, is die toekenning 'n verdere aanduiding van die kampus se verbintenisse tot die strewe na uitnemendheid – plaaslik, nasionaal en internasionaal. Die GBR benadruk verskeie hoofdoelwitte, en volgens dr John is die kampus, as verteenwoordigende entiteit van die NWU, opgewonde oor die potensiaal vir globale samewerking en ontwikkeling.

Die GBR het erkenning gegee aan die kampus in die kategorie vir hoërsonderwysinstansies. Die toekenning is oorhandig deur mnr Siphosilele, sameroeper van die GBR en president van die Pan African Chambers of Commerce and Industry (PACCI) by 'n galadinee by die Sandton Konvensiesentrum. Die gebeurtenis is bygewoon deur gaste van regoor die wêreld.

“Die toekenning ondersteun die Vaaldriehoekskampus se visie om plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees,” sê dr John. Die doelwitte van die GBR sluit in intellektuele en vaardigheidsontwikkeling, besigheidsontwikkeling en -geleenthede, netwerking, mentorskapprogramme, finansiële ontwikkeling en verhoudingsontwikkeling.

Sonkragvoertuig breek rekords

Ingenieurstudente van die Potchefstroom-kampus het geskiedenis gemaak toe hulle heel eerste sonkrag-aangedrewe voertuig die wêreld gewys het wie is baas.

Hierdie agt studente was deel van die span wat teen 12 ander spanne – onder andere uit Suid-Afrika, Japan en Indië – deelgeneem het aan die Sasol Solar Challenge.


Die kompetisie was 'n epiese 5 200 km, 11-dag lange reis oor 'n groot deel van Suid-Afrika en het behels dat alle voertuie slegs van sonkrag gebruik moet maak en 'n gemiddelde spoed van 60 km/h moet handhaaf. Na 'n opwindende en sekerlik uitmergelende reis, deel die NWU die algehele eerste plek met Tokai Universiteit van Japan. Die NWU-span het ook

eerste gekom in hulle klas, en twee nasionale rekords en een internasionale rekord gebreek – vir die verste afstand in een dag gereis, en die verste afstand (totaal) gereis deur net van sonkrag gebruik te maak.

Boonop het die span ook die goue medalje vir hulle veiligheidsverslag gewen, én met die Afrika Gees-toekenning weggestap.

Die sogenaamde “batmobile” – soos die deelnemers na die NWU-voertuig verwys het – word aangedryf deur 'n hoeveelheid sonkrag gelykstaande aan die energie wat 'n radiobehoorde vliegtuig se motor aandryf, en kan tot 100 km/h bereik. 'n Groot plat oppervlak huisves die sonpanele, wat skaars dikker as papier is en in helder daglig 1,2 kW energie stoor in 'n battery, wat op sy beurt weer die twee naafmotors aandryf.

Die NWU se “batmobile” het die wêreld gewys wie is baas.



NWU-kundiges ken hul storie

Die NWU se kundiges word dikwels in die media aangehaal, wat die openbare beeld van die universiteit uitbou as 'n instelling wat fokus op sy belanghebbers, geleenthede vir hulle bied en dinge vir hulle moontlik maak. In hierdie artikel deel ons van ons kundiges se kommentaar wat gedurende die afgelope jaar in die media gepubliseer is.



Eko-toerisme en veral die Groot Vyf is vir Suid-Afrika van onskatbare waarde. Jagters weet presies wat 'n wilde dier vir hulle werd is, maar tot nou toe is die waarde van dieselfde dier nie binne 'n nasionale park bepaal nie. Ons studie het bevind dat toeriste bereid is om meer as R3 500 te betaal om die Groot Vyf in die Krugerwildtuin te kan sien.

Prof Melville Saayman, Navorsingsfokusarea: Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Samelewing (TREES), Potchefstroomkampus
Beeld, 1 Oktober 2012



Hoewel baie navorsing oor mediese toepassings vir kernkrag, soos die produksie van radio-isotope en proton- en neutronterapie, gedoen word, word baie min navorsing oor kerningenieurswese-toepassings in Suid-Afrika gedoen.

Prof Pieter Rousseau, Skool vir Meganiese en Kerningenieurswese, Potchefstroomkampus
Engineering News, 24 Augustus 2012



Myne se traagheid om die regte ding te doen, kom van 'politieke besoedeling' – 'n situasie waar hoëprofiel-politici of hulle families op die direksies van mynmaatskappye dien. Politici is meer geneig om in die belange van aandeelhouers op te tree as in die belang van hulle kieserskorps wanneer hulle onder druk verkeer om 'n besluit te neem.

Prof David van Wyk, Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Potchefstroomkampus
City Press, 20 Augustus 2012



'n Sentrale aansoeksentrum (wat studente moet help om hul aansoeke by universiteite te kry om instap-aansoeke uit te skakel) moet deur die sektor en nie deur die staat beheer en bestuur word nie. Politieke inmenging in die plasing en besluite van watter student waarheen moet gaan, is onaanvaarbaar. Dit sal ook die outonomie, gehalte-onderlig en die student se reg om vrye assosiasie ondermyn.

Dr Theuns Eloff, Visekanselier, NWU
Beeld, 22 Oktober 2012



Daar is verskeie redes waarom 'n kind skielik vasskop nadat hy aanvanklik sonder kla skool toe gegaan het. As dit eers vir hulle maklik was om te gaan en nou wil hulle skielik nie meer nie, beteken dit gewoonlik dat daar iets skort. Daar was dalk 'n traumatiese gebeurtenis tuis soos 'n egskeiding of dood. Dikwels is dinge wat vir ouers nie erg is nie, vir kinders verskriklik erg.

Prof Esmé van Rensburg, Skool vir Psigo-Sosiale Gedragwetenskappe, Potchefstroomkampus
Baba & Kleuter, 1 September 2012



Uitnemende navorsers beloon

Toewyding word beloon – dit was duidelik toe meer as 50 NWU-personeellede erkenning ontvang het vir uitnemendheid in navorsing, innovasie, gemeenskapsverbintenis en kreatiwiteit.

Dié toekennings is op Vrydag, 26 Oktober 2012 tydens 'n gala-geleentheid in Potchefstroom gemaak.

Die gasspreker tydens die geleentheid, meneer Derek Hanekom, die minister van Wetenskap en Tegnologie, het die NWU geluk gewens met die groot vordering wat die instelling die afgelope drie jaar gemaak het met die verhoging van sy navorsingsuitsette. "Die NWU is goed geposisioneer om 'n verteenwoordigende arbeidsmag vir wetenskap en tegnologie te skep," het hy gesê.

Tweede keer bekroon: Prof Melville Saayman, (links) is vir die tweede agtereenvolgende jaar as die NWU se Mees Produktiewe NWU-navorsers aangewys. By hom is prof Karina Mostert wat die toekenning vir die Mees Produktiewe Junior Navorsers ontvang het. Albei is van die Potchefstroomkampus.



Tweede keer vereer

Die hoogtepunt van die aand was ongetwyfeld toe prof Melville Saayman, die direkteur van die navorsingsentiteit: Toerisme-navorsing in Ekonomiese Omgewings en die Samelewing op die Potchefstroomkampus vir die tweede agtereenvolgende jaar as die Mees Produktiewe NWU-navorsers aangewys is.

Die belangrikste navorsingdoel van prof Saayman is om die kennis van die toerisme-ekonomie te vergroot, met 'n spesiale fokus op die geleentheidsektor en bewaringstoerisme. Die geleentheid wat ondersoek word, sluit in sport, kuns- en wynfeeste.

Jong navorsers presteer

Prof Karina Mostert van die Skool vir Mensehulpbronwetenskappe op die Potchef-

stroomkampus het die toekenning ontvang vir die Mees Produktiewe Junior Navorsers van die Jaar.

In haar navorsing het prof Karina die effek van werk-huis-inmenging in die verhouding tussen werkseisings en werkverwante welstand onder Suid-Afrikaanse konstruksiewerkers ondersoek.

Produktiwiteit beloon

Die toekenning vir die Mees Produktiewe Navorsingsentiteit word gedeel deur die navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie onder leiding van prof André Duvenhage en die WorkWell-navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe onder leiding van prof Jaco Pienaar, beide van die Potchefstroomkampus.

Hulle staan uit

Prof Esté Vorster van die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding op die Potchefstroomkampus en prof Eno Ebenso van die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe op die Mafikengkampus het toekennings vir internasionale leierskap in navorsing ontvang. Die Mees Aangehaalde Navorsers was dr Christo Venter van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe op die Potchefstroomkampus.

Kreatiwiteit in die kollig

Toekennings is ook gemaak vir kreatiewe uitsette. Hier het prof Hans du Plessis 'n toekenning ontvang vir sy skryfkuns, dr Martinus Botha vir sy bydrae as pianis, en prof Paul Schutte vir sy tekstielwerk.

Prof Franci Greyling, mnr Ian Marley en me Louismarie Combrink het hierdie toekenning ontvang vir hul kreatiewe projek, "Oor die einders van die bladsy", wat 'n transdissiplinêre ondersoek was na kunstenaarsboeke. Al die ontvangers van toekennings vir kreatiewe uitsette is van die Potchefstroomkampus.

Die gemeenskap kom eerste

Die Child Justice Unit, wat deel is van die Regskliniek op die Potchefstroomkampus, en die Omgewingsimpakstudie-pro bono-kantoor van dieselfde kampus, het toekennings vir gemeenskapsverbintenis ontvang.

Hier word mense se beste selfs beter

Wanneer 'n mens na die NWU se prestasies van die afgelope paar jaar kyk, is dit duidelik dat die instelling 'n plek is waar enigiets moontlik is – 'n plek waar almal die geleentheid kry om hul beste selfs beter te maak.

In die tabel hier langs word die NWU se prestasies ten opsigte van onderrig-leer en navorsing uiteengesit. Dit skets ook 'n baie gunstige prentjie van die ekonomiese stabiliteit en groei by die universiteit.

Uit die onderstaande tabel is dit duidelik dat die NWU 'n baie goeie opbrengs lewer op dit wat die regering in die vorm van 'n subsidie in ons belê.

Die NWU het byvoorbeeld sewendemeeste geld van die regering gekry in 2010, maar van al 23 hoërsonderwysinstellings het ons daardie jaar die tweedemeeste graduandi gelewer. Wat onderrig-uitsette betref, was die NWU onderskeidelik tweede (ongewoog) en derde (gewoog) in die land. Wat totale navorsingsuitsette en die getal meestersgrade betref, was ons sesde en wat doktorsgrade betref, vyfde.

** Gewoogde onderrig-uitsette is die syfers nadat dit verwerk is volgens die voorgeskrywe formule vir staatsubsidie. Die ongewoogde uitsette is sonder dat hierdie formule toegepas is.*

	2007	2008	2009	2010	2011
Totale studente-inskrywings	44 726	47 008	50 589	55 732	56 641
- Kontak	26 075	25 740	26 853	29 243	31 663
- Afstand	18 651	21 268	23 736	26 489	24 978
Voorgaande slaagsyfer (kontak en afstand)	79,5%	81,2%	83,6%	83,5%	85,2%
Graadverwerwingskoers	25%	26%	27%	27%	27%
Grade en diplomas toegeken	11 345	12 337	13 445	15 083	15 093
Meestersgrade toegeken	618	583	659	633	639
PhD's toegeken	124	100	123	129	115
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	376	513	452,5	578,2	772,6
NNS-gegradeerde navorsers	95	103	116	117	125
Totale navorsingsuitset	1 061	1 083	1 190	1 318	1 483
Totale inkomste	R1 436m	R1 671m	R1 827m	R2 002m	R2 318m
Surplus (herhalende items)	R66m	R82m	R58m	R37m	R63m
Personeelkoste / totale koste	50,1%	48,8%	50,7%	52,8%	52,4%
Selfgegenereerde inkomste	R542m	R644m	R647m	R642m	R751m
% van inkomste vanaf regering	39,8%	40%	41,5%	44,6%	43,1%
% van inkomste uit klasgeld	21,4%	20,3%	22,4%	23,6%	24,7%
Kapitaalligawes op opgraderings	R51m	R69,2m	R81,9m	R60,5m	R53,2m

	2008		2009		2010	
	Persentasie van sektor	NWU se posisie	Persentasie van sektor	NWU se posisie	Persentasie van sektor	NWU se posisie
Subsidie van die regering	5,17%	7	5,5%	7	5,8%	7
Graduandi gelewer	9,3%	3	9,3%	2	9,8%	2
Ongewoogde onderrig-uitsette	9,3%	2	9,4%	2	10%	2
Gewoogde onderrig-uitsette	7,5%	5	7,5%	4	7,85%	3
Totale navorsingsuitsette	6,9%	6	6,8%	6	7,1%	6
Meestersgrade	7,7%	6	8,1%	6	7,3%	6
Doktorsgrade	8,5%	6	8,9%	6	9,1%	5
Artikels gepubliseer	6%	7	4,9%	9	6%	8

Konstruktief bou sy voort

Hoekom sal 'n vroulike rekenmeester betrokke wees by die bou van huise en gemeenskapsale? Me Malebo Magasa, alumna van die Mafikengkampus, se indrukwekkende rekord in die manlik-gedomineerde konstruksiebedryf spreek vanself.

"Gee my enige projek en ek sal dit betyds en binne begroting klaarkry," sê Malebo, besturende direkteur van Tawana Business Projects en wenner van twee nasionale toekennings. Haar maatskappy het in 2010 die nasionale Vroue in Konstruksie-toekenning van die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf gewen.

Met 2012 se Govan Mbeki-toekennings vir Menslike Nedersettings is Malebo aangewys

Me Malebo Magasa trap diep spore in die manlik-gedomineerde konstruksiebedryf van Suid-Afrika.



as beste vroulike kontrakteur – nie net in die Noordwesprovinsie nie, maar ook landswyd.

"Die Departement van Menslike Nedersettings sit met R50 miljard se konstruksiewerk wat nie behoorlik gedoen is nie as gevolg van gewetenlose kontrakteurs. Ek loop die tweede myl om projekte gedoen te kry – altyd hoëgehaltewerk wat betyds afgehandel word. Ons is gewoonlik die eerstes om die sleutels te oorhandig," sê sy.

'n Soliede grondslag

'n Loopbaan in die konstruksiebedryf is nie wat Malebo in gedagte gehad het toe sy in die tagtigerjare haar BCom-graad aan die Universiteit van Noordwes verwerf het nie.

Nadat sy haar graad behaal het, het sy as boekhouer, rekenmeester en later as finansiële bestuurder gewerk. Entrepreneurskap het gewink en in 2003 het sy besluit om Tawana Business Projects te begin.

Malebo se eerste kennismaking met die konstruksiebedryf was in 2009 toe die Departement Landbou 'n tender aan haar toegeken het vir die bou van hidroponiese stelsels en braaihoender-infrastruktuur vir opkomende boere. Met 'n voet in die deur van die konstruksiebedryf het sy later begin spesialiseer in die bou van huise en om haar weg te baan as vrou in 'n manlik-gedomineerde wêreld.

Selfdisipline

Op die een of ander manier het Malebo ook nog tyd gekry om vier Comrades-marathons te hardloop en haar MBL deur Unisa te

voltooi. "Die MBL was een van die moeilikste dinge wat ek ooit aangepak het – nie omdat die kursus so moeilik was nie, maar omdat ek in Mafikeng gebly het en elke week moes deur Johannesburg toe vir die groepsessies. Dit was moeilik, maar ek het deurgedruk."

Selfdisipline is iets wat sy as kind aangeleer het, as een van sewe kinders, almal met ten minste een universiteitsgraad. "Al twee my ouers was onderwysers," verduidelik sy.

"My ma se leuse was, 'As jy iets goeds in die lewe wil hê, moet jy dit self doen'. My pa se lewensfilosofie was, 'Moenie iemand vir geld vra nie, maak jou eie geld'."

Haar grootste prestasie

Hierdie lesse het haar later goed te pas gekom as entrepreneur, maar volgens Malebo het haar grootste sukses tot dusver niks met haar sakevernuif te make nie.


"Daar is 'n NWU-student met die naam Sindy Mosoane. Sy is 19 en 'n weeskind wat saam met 12 ander kinders gewoon het. Hoewel sy onderskeidings gekry het in matriek, was daar geen manier hoe sy universiteit toe sou kon gaan nie."

Toe Malebo die hartseerverhaal by Sindy se wiskundeonderwyser gehoor het, het sy oorgegaan tot aksie. "Ek het Sindy gehelp om plek te kry by die NWU. Haar registrasiegeld word gedek deur 'n universiteitsbeurs wat ek opgespoor het, en haar klaskeld deur 'n beurs van die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap." Malebo het ook losies gekry vir Sindy by 'n vriendin in Mmabatho.

"Sindy studeer nou BCom Geoktrooieerde Rekeningkunde, en het in Junie vanjaar drie onderskeidings behaal."

Malebo beskou dit as een van haar grootste prestasies, maar dis nog lank nie die einde nie, want sy het goeie hoop vir die toekoms.

"My droom is om huise te bou vir die nasie, om by te dra tot vaardigheidsontwikkeling en werkskepping vir die jeug, en om my passie vir onderwys uit te leef."



Dis die pad wat jy loop, wat tel

Baie van ons alumni weet waarskynlik dat prof André P Brink, een van Suid-Afrika se mees gevierde skrywers, 'n alumnus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) is. Nie almal weet egter dat hy sy eerste roman in Potchefstroom geskryf het nie. Die NWU & U het met hom gesels oor sy studentejare, sy pad as skrywer en sy jongste boek, Philida.

As romanskrywer, dramaturg, vertaler, letterkundige, kritikus en akademikus trap prof André P Brink nog diep spore in die Suid-Afrikaanse literêre wêreld.

Sy pad as skrywer het in Potchefstroom, aan die destydse PU vir CHO begin, waar hy sy akademiese voete gevind en ook sy eerste roman, *Meul teen die hang*, in 1958 geskryf het.

Prof André het in 1953 ingeskryf vir sy BA-graad in Afrikaans-Nederlands, Engels en Geskiedenis. Later het Frans ook bygekom. Hy het uiteindelik sewe jaar op universiteit deurgebring en het 'n MA-graad in beide Engels en Afrikaans verwerf. Hy dink met deernis terug aan sy studentejare waar hy in die koue Potchefstroomse winters gewoonlik toegerol in sy kombers sy eerste klasse bygewoon het.

Waardevolle vriendskappe

Hy het hegte vriendskappe in dié tyd gesmee. "Die beste herinnering aan daardie jare het steeds te make met vriendskappe en allerlei vorme van studentepret. Ek is nog in aanraking met enkele baie goeie vriende, veral Christie Roode. Van die grootste oomblikke deur die jare het te doen gehad met intervarsiety, veral teen die Vrystaters," vertel hy.

Die Thalia-toneelgroep, die musiekvereniging en die letterkundevereniging, Estrarte, is deur prof André en vriende op die been gebring. Hy het 'n groot deel van sy studentejare in koshuise gebly, onder meer in Dawie Doep, Vleuel (Uitspan) en Gatland (Ons Huis). In sy laaste twee jaar het hy privaat loseer.

Die jonges van vandag

Prof André, wat self by verskeie universiteite klasgegee het, geniet die volgehoue aanraking met jongmense. Hy moedig studente aan om "'n oop kop" te hê vir alles anderkant hul onmiddellike studieterrein. "Dit is vandag net onmoontlik om te dink enigiemand kan selfgenoegsaam of sonder ander klaarkom."

Hy het 'n broertjie dood aan die kits-era waarin ons leef. Hy glo jong mense lees nie naastenby genoeg nie en ook nie in diepte nie. "Kitsoplossings is net so erg (en onsmaklik) soos kitskos."

Prof André het onlangs sy jongste roman, *Philida*, bekendgestel. "Die boek is nog lank nie my laaste nie, want ek is nie heeltemal mens tensy ek skryf nie," sê hy. Hy het drie jaar geneem om die boek te voltooi – "langer as enige vorige roman" – en voel daar is klaar weer een aan die roer.

Hy raak verlief

Hy bieg hy raak verlief op die meeste van sy vrouekarakters. "Maar ek dink ek verkies uiteindelik dié wat terugpraat – Elisabeth in 'n Oomblik in die wind was van die eerstes. Maar ek reken *Philida* praat op die oomblik vir my die duidelikste, daarom luister ek die graagste na haar."

Hy skryf die lekkerste in die middag en bieg hy is glad nie 'n oggendmens nie, "want dan slaap ek op my lekkerste." Van beplanning wanneer dit kom by 'n roman skryf, is daar ook nie sprake nie.

"Ek het altyd vooraf die hele verhaal beplan, maar met verloop van tyd verkies ek al meer om myself te verras. As ek 'n beginsituasie het, hou ek daarvan om in te plons en te kyk wat gebeur – en om die karakters telkens in 'n situasie te plaas wat vir hulle en vir my onkant vang. Dan kan ek terugsit en reken, oukei, kyk nou hoe jy hieruit kom."

Skrywer van formaat

En hy sal weet. Prof André is immers die outeur van meer as 30 romans en die ontvanger van verskeie toekennings, beide in Suid-Afrika en die buiteland.

Hy het byvoorbeeld reeds twee keer die Hertzogprys ontvang, was twee keer op die kortlys van die Bookerprys en verskeie kere op die kortlys vir die Nobelprys. Sy boek, *A Dry, White Season*, is verfilm met onder meer Marlon Brando, wat vir 'n Oscar benoem is vir sy spel, en Donald Sutherland in die hoofrolle. In 2005 het hy homself in die sepie *7de Laan*, waarvan hy 'n groot aanhanger is, gespeel.

Sy romans is in meer as 30 tale vertaal, insluitend Serbo-Kroatis, Japannees, isiXhosa en Vietnamees. Hy praat self agt tale "al begin hulle bietjie slyt aan die rande". Hy sal graag nog Russies wil leer om Dostjewski in

die oorspronklike teks te lees. "Sit dit maar op my 'bucket list'," sê hy.

Hy sê dié wenslys begin nou "uit die aard van die saak" korter raak. Iets wat hy nog bitter graag wil doen, is om Angkor Wat in Kamboedje te besoek – dit is die grootste Hindoe tempelkompleks in die wêreld.

Boeke bly bobaas

Digitale of e-boeke staan hom nie aan nie en 'n Kindle sal hy nooit aanskaf nie. "Lees is 'n totale ervaring, wat ook die voel en ruik van 'n boek insluit. En sonder 'n pen in my hand kan ek nie lees nie."

Die boek die naaste aan sy hart is meestal die een waaraan hy op daardie stadium werk. En by elkeen sal daar 'n ander rede wees. "Maar as ek vandag moet kies, sou ek dalk na omtrent 40 jaar nog altyd in 'n versoeking wees om te sê: 'n Oomblik in die wind.'"

'n Paar goeie vriende

Saam met sy vrou en hul drie katte is hy op sy gelukkigste. Stilte, musiek, 'n paar goeie vriende, 'n boek en om te reis maak hom ook gelukkig. Hy sê hy is spesifiek van kleins af lief vir katte en hul drie katte, glo almal straatkatte, is vernoem na komponiste – Mozart, Salieri en Glinka.


Lof stroom in vir *Philida* wat vanjaar op die langlys vir die Britse 2012 Man Bookerprys was. Maar hierdie tipe erkenning is nie vir hom belangrik nie, "al laat dit mens natuurlik goed voel".

"Solank ek van binne af kan voel 'n stuk werk is bevredigend gedoen. Maar gebeur dit ooit regtig? Of hou mens juis aan omdat jy elke keer reken jy't nog nie daar aangekom nie? Hoofsaak is gewoon om aan te hou waarmee mens ook al besig is. Dis die pad wat mens loop wat tel, nie die aankom êrens nie," sê hy.

Slaweroman gryp die hart aan

Philida, uitgegee deur Human & Rousseau, vertel die storie van Philida, 'n slaaf wat op die plaas Zandvliet gewoon het in die tydperk 1820 tot 1835. Sy het 'n paar kinders by die eienaar se seun, Frans, maar dan besluit sy pa, Cornelis Brink, Frans moet met die dogter van 'n ryk Kaapse familie trou en dat dit beter sal wees as hy Philida en haar kinders verkoop... In 'n onderhoud op LitNet het prof André gesê hy wou Philida se storie

skryf omdat haar storie ook sy storie is. "My eie voorouer was daarby betrokke en is een van die karakters. Ek kan myself nie ken tensy ek ook Philida verstaan en deur my eie bloed en gebeente eien nie."



Vreesloos en op die

Sukses is waar geleentheid en voorbereiding saamkom. Volgens mnr Eric Ntumba Bukasa, korporatiewe bestuurder van die Commercial Bank of Congo, was dit by die NWU se Vaaldriehoekkampus waar hy geleer het om 'n leier te wees wat met die moed van sy oortuiging optree.

Eric het sy leierskapstande geslyp by die NWU se Vaaldriehoekkampus waar hy die eienskappe ontwikkel het wat hom vandag steeds 'n mededingende voordeel in sy werk gee.

“Die korporatiewe wêreld maak staat op netwerke, waar mens jou menslike interaksievaardighede moet gebruik om suksesvol te wees. Ek het my leierskapsvaardighede by die Vaaldriehoekkampus ontwikkel en dit het my in staat gestel om later die regte koers in te slaan,” sê hy.

“'n NWU-graad sal help om jou voor te berei vir enige toekomstige werk.”

“Ons moet besef ons leef in 'n wêreld van geleenthede. Daar is geen grense nie. Glo in jouself en leer om vreesloos te waag nadat jy die nodige huiswerk gedoen het. 'n NWU-graad sal help om jou voor te berei vir enige toekomstige werk,” sê hy.

Hy praat uit ervaring: na net 'n paar maande op universiteit was hierdie jong Franssprekende student van die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) in die middelpunt van onderhandelinge toe die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) en die Universiteit van Noordwes saamgesmelt het.

Hy laat die oë rek

Kort na sy verkiesing as studenteraadsvoorsitter van die Vaaldriehoekkampus in Augustus 2003 het die samesmeltingsproses in alle erns begin. Eric was 'n tweedejaarstudent in Inligtingstegnologie en het reeds die oë laat rek toe hy as eerstejaarstudent vir die studenteraad gestaan het en teen alle verwagtinge in as Kultuurbeampte verkies is.

Hy het 'n daadwerklike aandeel gehad aan die organisering van die eerste kulturfes in 2002 en die heel eerste Gumba-sokkie waar Afrikaanse musiek en kwaito op dieselfde dansvloer gespeel is.

“Almal het gedink dit sou flop; mense het nie gedink dit kan ooit werk nie. Dit het stadig en skaam-skaam begin, maar die Afrikaans en die kwaito het mekaar afgewissel en uiteindelik het almal begin om die musiek te waardeer en te geniet vir wat dit was: 'n universele taal wat mense nader aan mekaar bring.”

Dit het die weg gebaan vir groter uitdagings toe samesmeltingsgesprekke tussen die PU vir CHO en die Universiteit van Noordwes meer intens geraak het. As voorsitter van die studenteraad van die destydse Vaaldriehoekkampus was Eric 'n swart student wat namens 'n voormalige wit universiteit onderhandel het. Ander swart studente het hom as 'n “verraaier” beskou.

“Volgens hulle was ek net daar om die vuil werk te doen. Ek was inderdaad in 'n ietwat ongemaklike posisie. Ek moes ook die verteenwoordigers van die hoofkampus se vertroue wen, wat nie 100% seker was dat ek aan hulle kant was nie.”

Samehorigheid

Eric is trots op sy prestasies. Na afloop van sy termyn was daar 'n heel nuwe kultuur – een van samehorigheid – op kampus gevestig. Hy het dan ook die Universiteitsraad se toekenning ontvang vir uitstaande leierskap en dienslewering aan die Vaaldriehoekkampusgemeenskap.

Teen die einde van sy ampstermyn as studenteraadsvoorsitter was hy baie gewild en hoewel hy geweier het om homself vir 'n tweede termyn beskikbaar te stel ('n besluit waaroor hy nou spyt is), is hy trots om te sien dat die erfenis van sy leierskap voortduur.

Eric werk en woon deesdae in Kinshasa in die DRK en hou kontak met vriende wat hy destyds op die kampus ontmoet het. “Facebook het my gehelp om kontak te behou met verskeie oudstudente wat eers daar aangekom het toe ek al weg was. Ek is verras om te sien hoeveel hulle van

'n Gebore leier

Eric is die derde van ses kinders, 'n posisie wat hy voel hom in 'n natuurlike konsensuele leier laat ontwikkel het.

“Ek kon niks aan my ouer broers voorskryf nie; ek moes hulle oortuig. En die jongeres moes met sjarme oorgehaal word. Waar kry mens 'n beter mengsel van leierskapstyle?” Sy jonger suster, Allegria, het ook 'n BCom-graad op die

Vaaldriehoekkampus behaal. Eric en die liefde van sy lewe is in 2010 in 'n tradisionele seremonie in Kaapstad getroud. Hy het Leatitia in Brussel ontmoet en die paartjie se eerste kind, Johan, is in Maart vanjaar gebore.

Die gesin woon in Kinshasa waar Eric by die Commercial Bank werk. In sy vrye tyd speel hy tennis en skryf hy aan sy eerste

roman. Sy boek oor die krisis in die Groot Mere-gebied het verlede jaar die lig gesien.

Eric mik om – net soos sy pa – 'n loopbaan in die politiek te volg. “My pa het 'n groot bydrae gelewer tot my informele onderrig deur lees, reis, debattering en die ontwikkeling van my ontvanklike gees. Hy het my geleer om mense te respekteer vir wie hulle is, ongeag velkleur, sosiale status of mag.”

man af sê hy sy sê



my af weet en om te ervaar watter impak ons leierskap op daardie kampus gehad het. Dis goed om te sien dat dit steeds onthou en waardeer word.”

Hy het ’n spesiale mentorskapverhouding met mnr Harm Stavast, die direkteur van Studentesake op die Vaaldriehoek-kampus, en beplan om sy alma mater vroeg aanstaande jaar te besoek.

Gereed vir enige uitdaging

Eric deins nie terug vir ’n uitdaging nie. Dit is ’n eienskap wat hy reeds op hoërskool gehad het, waar hy twee jaar voor sy finale skooljaar geskors is omdat hy kapsie gemaak het teen die manier waarop die skoolhoof sy “ongemaniere gedrag” hanteer het. Iets wat Eric verkies om te beskryf as sy “onblusbare energie”.

Gevolglik moes hy hoërskool klaarmaak in ’n seunskool ’n paar kilometer buite Kinshasa waar hy in minder as ’n jaar onderhoofseun geword het, en ’n jaar later hoofseun. Daar het hy ook amper vir homself ’n skorsing op die hals gehaal omdat hy ’n staking georganiseer het uit protes teen die lewensomstandighede in die koshuis.

“As ek terugkyk, besef ek dat al die bestanddele wat dit vir my moontlik gemaak het om die studente-leierskap van die Vaaldriehoekkampus gedurende ’n moeilike tyd te hanteer, reeds daar teenwoordig was.”

Hy beskryf hierdie kwaliteite as die vermoë om dinge anders te sien, onbeskroomd op te staan en probleme vreesloos uit te wys. Nóg ’n kenmerk is sy oortuiging dat verandering moontlik is, dat dit net aksie vereis, en dat enige aksie gevolge het, en dus ’n goed ontwikkelde verantwoordelikeheidsin benodig.

Na sy studies in Suid-Afrika het Eric sy diploma en meestersgraad in Publieke Administrasie in Frankryk aan die befaamde Ecole Nationale d’Administration behaal.

Bekende alumni van dié instelling sluit in Francois Hollande, huidige president van Frankryk, Jacques Chirac, ’n vorige president, en die meeste van die Franse eerste ministers tot op hede. Daar is Eric ook verkies as studente-vertegenwoordiger op die administratiewe raad van dié instansie.

“Die eerste raad waarop ek ooit gedien het, was by die PU vir CHO, so as die lede van die ander rade waardering getoon het vir ’n bydrae van my kant af, het ek geglimlag en hulle laat verstaan dat ek geleer het by die bestes – op ’n klein Suid-Afrikaanse kampus.”

Mnr Eric Bukasa, nou van Kinshasa, was die laaste studente-raadsvoorsitter van die Vaaldriehoekkampus van die voormalige PU vir CHO, en die eerste studente-raadsvoorsitter van die Vaaldriehoekkampus van die NWU.

'n (Slim)kop vir syfers

A close-up portrait of Mamokgethi Setati, a Black woman with short, dark, curly hair. She is smiling warmly at the camera, showing her teeth. She is wearing a white collared shirt and large, dangling earrings made of multiple strands of clear, cylindrical beads. The background is a plain, light grey.

Werk hard, bly positief en moet niks oordoen nie: dit is die formule wat prof Mamokgethi (Kgethi) Setati toepas op alles wat sy doen. Vir hierdie alumna van die Mafikengkampus bevestig die feite, en veral die syfers, dat hierdie 'n wenbenadering is.

Hoewel sy net 16 jaar oud was toe sy gematrikuleer het, het prof Kgethi, nou adjunkhoof van Navorsing en Innovasie by Unisa, vir niemand teruggestaan as dit kom by wiskunde op universiteitsvlak nie.

In die vierde jaar van haar BSc-graad in suiwer wiskunde aan die Universiteit van Noordwes, het sy 'n finale punt van 74% behaal. Dié van ons wat hulle hande vol gehad het met hoërskoolwiskunde weet dat dit 'n bykans onmoontlike prestasie is, wat slegs bereik word deur mense wat werklik 'n passie vir die vak het.

"Ek het nie gedink dit was iets besonder nie. Wiskunde was altyd my beste vak," sê prof Kgethi. "Ek het nog altyd van wiskunde gehou – veral van algebra, want dit maak soveel sin as manier van kommunikasie. Alle werklikewêreld-probleme kan as 'n wiskundige vergelyking uitgedruk word."

Min ander vroulike studente het egter haar passie gedeel. Sy was die enigste vroulike student in haar finalejaar-wiskundeklas in Mafikeng in 1987. "In my derde jaar was daar nog twee van ons, maar in my finale jaar was dit net ek." Dit was nie die enigste keer in haar lewe dat sy 'n baanbreker moes wees as die eerste of enigste vrou nie.

Eerste dinge eerste

In Junie 2002 het prof Kgethi, destyds 'n wiskundeonderwyser by die Universiteit van die Witwatersrand, die eerste swart vrou geword wat 'n PhD in wiskundeonderwys behaal het. Ses jaar later was sy die eerste vrou en die eerste swart persoon om aangestel te word as uitvoerende dekaan van Unisa se Kollege van Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie.

Nóg 'n eerste was verlede jaar toe sy bevorder is tot haar huidige posisie aan die stuur van Unisa se Navorsings- en Innovasieportefeulje. Haar rol is in wese om dié universiteit – verreweg die grootste in Suid-Afrika – uit te bou as navorsingsinstansie waar innoverende denkers floreer. Haar eie produktiewe navorsingsrekord getuig daarvan dat sy nie bang is om die daad by die woord te voeg nie.

Sy het tot dusver al 45 artikels gepubliseer (een vir elke jaar van haar lewe), wat al meer as 400 keer aangehaal is deur andere. Sy beklee tans twee professorate: behalwe vir haar voltydse pos by Unisa is sy ook 'n ereprofessor aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Fokus, fokus, fokus

Prof Kgethi is ook een van slegs drie swart vroulike navorsers in die land met 'n B2-gradering van die Nasionale Navorsingstigting. "Dit is 'n groot eer vir my," sê sy.

Die geheim van haar navorsingsukses is heel eenvoudig: "Ek is nie die slimste persoon ooit nie. Maar ek het hard gewerk; en ek doen dit nog steeds. Die groot ding is dat ek baie gefokus is – mens sou kon sê gestruktureerd. As ek navorsing doen, konsentreer ek op 'n vraag en hou aan totdat ek die oplossing het. Fokus maak die verskil, want ek probeer nie om te veel dinge gelyktydig te doen nie."

Daardie fokus geld ook vir die res van haar lewe, byvoorbeeld haar standpunt om matigheid voor oë te hou met alles, van oefen tot eet. "Ek oordoen niks," sê sy.

Die één moontlike uitsondering is die aantal ure wat sy op 'n gemiddelde werksdag in die kantoor spandeer. "Ek is halfses in die oggend op kantoor en gaan eers omtrent seweur saans huis toe. Ek is nie uitsonderlik begaafd nie, daarom het ek meer tyd nodig om dinge gedoen te kry. Die ekstra ure wat ek insit, gee my die nodige hupstootjie."

Sy het beslis die Suid-Afrikaanse navorsingsleer vinnig en doeltreffend uitgeklim, soos wat haar B2-gradering bewys. Dit is iets waarop sy met reg trots is, maar die prestasie waarop prof Kgethi die heel trotsste is, is dat sy die eerste swart Suid-Afrikaanse vrou is wat 'n PhD in haar studierigting verwerf het. "Dit was iets baie besonder. As daar ooit 'n boek geskryf word oor die geskiedenis van wiskundeonderwys in Suid-Afrika, sal ek definitief daarin vermeld word," sê sy.

"Ek het geweet my PhD sou my lewe verander, en ook die geskiedenis van my hele gesin en uitgebreide familie. Ek was die eerste een in my gesin wat 'n PhD verwerf het, so ek voel dat ek 'n erfenis daargestel het vir almal wat ná my kom. In 'n sekere sin is ek 'n baanbreker vir ander vroue en vir my gesin."

Die waarde van 'n universiteitsopvoeding

Haar gesin, veral haar pa (een van die eerste swart radio-omroepers by die SAUK), voel sterk oor die noodsaaklikheid van 'n universiteitsopvoeding.

"My pa se reël was dat almal in sy huis universiteit toe moes gaan," sê sy. Interessant genoeg het daardie reël prof Kgethi se ma ingesluit. "My ma was 'n huishulp en 'n

fabriekswerker met graad sewe agter haar naam. Nadat sy getroud is en drie kinders gehad het, is sy terug skool toe om graad agt te voltooi. So het sy gevorder tot by graad nege. My ma het saam met ons skoolgegaan – letterlik."

Nadat sy graad nege geslaag het, het prof Kgethi se ma verder studeer om 'n laerskoolonderwyseres te word, en terwyl sy skoolgehou het, het sy matriek voltooi deur aandskool toe te gaan. Sy het uiteindelik op die ouderdom van 58 haar BA-graad deur Vista Universiteit behaal – in dieselfde jaar as wat prof Kgethi haar PhD verwerf het.

Dit is maklik om te sien waarom prof Kgethi se ma haar rolmodel is en waar haar werks-etiek vandaan kom. "My ma was altyd vir my 'n groot inspirasie. Sy was altyd positief, 'n ewige optimis. My lewensfilosofie is om hard te werk, optimisties te wees, en die res aan God oor te laat."

Trots Suid-Afrikaans

Prof Kgethi Setati het in GaRankuwa naby Pretoria grootgeword. "Die feit dat ek my totale universiteitsopleiding in Suid-Afrika voltooi het – en my skoolopleiding in township-skole – dien as bewys dat dit gedoen kan word," sê sy.

"My ouers het my passie vir wiskunde aangemoedig, want hulle het geglo dat geleerdheid die enigste uitweg is uit armoede, die enigste uitweg uit onderdrukking."

Prof Kgethi, wat by 'n plattelandse kosskool gematrikuleer het, het nie vergeet waar sy vandaan kom nie. Die bemagtiging van vroue in plattelandse gebiede lê haar na aan die hart, en in 1997 het sy 'n nasionale prys gewen vir die beste bemagtigingsprojek vir vroue in die land.

In 2004 het sy 'n "adopt-a-learner"-projek begin om township-leerders wat 'n aanleg het vir wiskunde te help. In dieselfde jaar het sy 'n toekening van die Nasionale Forum vir Wetenskap en Tegnologie ontvang as mees uitstaande vroulike navorser vir 2003. Daarby is sy 'n erelid van die Golden Key Internasionale Erevereniging en van die Vereniging vir Wiskundeonderwys in Suid-Afrika.

Die wêreld is sy woning

Wêreldreisiger mnr Maans Pretorius het sy voorgraadse studies aan die destydse Potchefstroomse Onderwyskollege en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) voltooi en het sy MBA later aan die Vaaldriehoekskampus van die PU vir CHO behaal.

Hy het al in die hartjie van Amerika se countrymusiekwêreld gebly en het in die Franse Alpe leer ski. Hy noem Cleveland in Ohio sy huis, en praat Afrikaans asof hy steeds hier duskant die Mooirivier of die Vaalrivier studeer.

Maans is die president van Seadrift Coke, die wêreld se tweedegrootste verskaffer van petroleum-gebaseerde naaldkooks wat in die

vervaardiging van grafiëlektrodes gebruik word. (Sien tekskassie.) Hy is ook 'n vise-president van GrafTech, 'n elektrodevervaardiger waar hy 35 jaar gelede begin werk het.

Sy akademiese loopbaan het in 1970 aan die PU vir CHO begin toe hy met 'n onderwysbeurs ingeskryf het vir BSc met Chemie en Plantkunde as hoofvakke. In 1975 het hy sy honneursgraad in Plant-biochemie verwerf

en daarna vir twee jaar as junior navorser in die Plantkunde-departement gewerk.

Studentejare

Maans sê hy was 'n "gepukte poot" omdat hy een van die studente was wat destyds met 'n onderwysbeurs studeer het, maar toegelaat is om by die universiteit klas te draf. Hy was ook op die huiskomitee van Huis Izak Meyer by die onderwyskollege.

Hy dink met heimwee terug aan sy studentejare en veral aan die dosente wat hom in dié tyd geslyp het tot die man wat hy nou is. Volgens hom het die universiteit as gevolg van die Christelike inslag 'n groot impak gehad op die vorming van kernwaardes van die studente oor die algemeen, maar "tog het dit studente ook die geleentheid gegee om ten volle student te wees".

Maans onthou Interfakultêre Wysbegeerte as 'n vak wat nie baie geesdriftig bygewoon is nie. "Maar met prof Wimpie de Klerk, prof Carools Reynecke en prof Piet Botha (Plantkunde) as aanbieders, het ek die waarde daarvan wél later jare besef. Ek kan ook nie nalaat om prof Johan Coetzee as vriend, mentor en natuurlik lektor, te noem nie – hy was iemand wat besonder baie bygedra het tot my ontwikkeling en sukses," sê hy.

Wêreldreisiger

Maans sê sy ideaal was om 'n onderwyser te word, maar sy loopbaan het 'n heel ander roete gevolg toe hy in 1977 by GrafTech aangestel is.

'n Hele trap vol kinders: Die Pretorius-egpaar, Maans en Magda (regs voor op die foto) het vier dogters, plus die skoonseuns en vyf kleinkinders.



Hy het by die aanleg in Meyerton gewerk en in die tagtigerjare sy MBA by die Vaaldrie-hoekskampus behaal.

In die laat tagtigs het hy en sy gesin na Amerika verhuis en in Columbia Tennessee, suid van Nashville, reg in die hart van Amerikaanse countrymusiekwêreld gebly. "Dit was 'n besondere belewenis vir ons as 'n jong familie. Drie van ons dogters het vir een jaar in Amerikaanse skole skoolgegaan en dit was vir hulle 'n ondervinding wat hulle altyd sal onthou," sê hy.

In sy loopbaan het hy die geleentheid gehad om betrokke te wees by GrafTech se fasiliteite in Europa, Rusland, Suid-Afrika, China, Brasilië, Mexico en op verskeie plekke in die VSA. Sy gesin het vir sewe jaar net buite Geneve, Switserland gebly waar sy jongste twee dogters hul skoolopleiding voltooi het.

In 2006 het die gesin na Albertville in die Savoie-provinsie in die middel van die Franse Alpe verhuis. "Ons het die tyd in Frankryk in die Alpe baie geniet. Beide Switserland en Frankryk het ons die geleentheid gegee om te leer ski, wat 'n besondere belewenis vir Suid-Afrikaners is en wat ons almal baie geniet het." Hier het hy ook geleer Frans praat, "maar net genoeg om gevaarlik te wees".

Altyd 'n Suid-Afrikaner

In 2007 het hulle na Cleveland, Ohio verhuis waar hy en sy vrou steeds woon. "Dit is baie maklik om in die VSA te woon en te werk – die taal vergemaklik inskakeling in die samelewing en die gewone Amerikaners het baie dieselfde waardes as waaraan ons glo en gewoon is."

In sy wese is hy steeds 'n Suid-Afrikaner. Die Pretorius-egpaar besoek Suid-Afrika ten minste twee keer elke jaar: in die winter "oor jagtyd", en oor Kersfees. "Ons kan gewoonlik nie wag om daar te kom nie." Die vier kleinkinders in Suid-Afrika is natuurlik ook 'n groot trekpleister. Twee van hul dogters en hul broers en susters woon in Suid-Afrika. Maans sê ook die Suid-Afrikaanse klimaat is die beste van al die plekke waar hulle al gewoon het.

Meneer die president

As president van Seadrift Coke is hy gewoon aan 'n 60-uur werkweek. Hy is sogenaamd baie vroeg al op kantoor en 'n normale dag kan tot 18:00 duur of tot "al die take afgehandel is".

Sy werk is steeds opwindend en ná 35 jaar by dieselfde maatskappy is daar nie een vervelige dag nie.

"Ek is bevoorreg dat variasie deel is van elke aspek van my werk. GrafTech het my deur my loopbaan talle geleenthede gebied om nuwe verantwoordelikhede te aanvaar of om by nuwe aspekte van die besigheid betrokke te raak. Dit veroorsaak dat mens voortdurend in 'n proses is waar jy iets nuuts moet leer.

"Ek het ook die geleentheid gehad om saam met kollegas en direkte hoofde te werk wat my gementor het en leiding gegee het om suksesvol te wees. Van hulle is byvoorbeeld dr Pieter Barnard, 'n kollega en vriend, en mnr Craig Shular, ons uitvoerende bestuurder."

GrafTech het Seadrift Coke in 2010 oorgeeneem. Seadrift Coke vervaardig naaldkooks wat deur elektrodevervaardigers soos GrafTech gebruik word om grafiet-elektrodes te vervaardig. Petroleum naaldkooks word vervaardig van petroleumolies deur 'n distillasie- en verkookingsproses.

Grafiet-elektrodes word voorsien aan staalvervaardigers soos Mittal en word in elektriese booggoonde gebruik om staal te vervaardig van skrootmetaal. "Vervaardiging van staal deur die elektriese booggoond-proses kan beskou word as die grootste herwinningsproses in die wêreld aangesien dié proses jaarliks meer as 400 miljoen ton staal lewer," sê Maans.

Agter elke man

Maans is 'n gebore Vrystater wat aan die oewer van die Vaalrivier in Vanderbijlpark grootgeword het. Hy is byna 38 jaar getroud met Magda, wie hy sonder om te blik of te bloos, die liefde van sy lewe noem.

"Ons het ontmoet toe ons nog op skool was en haar ondersteuning, vertroue, hulp en liefde is die steunpilaar waarop my lewe gebou is." Die egpaar se oudste dogter, Anél, is 'n radiografis in Vereeniging wat aan die Universiteit van Pretoria studeer het. Yolanda het op die Vaaldriehoekskampus van die PU vir CHO studeer en is 'n finansiële bestuurder by 'n onderneming in die Vaaldriehoek.

Minette het in die VSA studeer en bly in Columbus, Ohio, en werk in die intensiewe-sorgeenheid van die hospitaal verbonde aan Ohio State University. Ida het musiek aan die Universiteit van Sussex studeer en bly tans net buite Eastborne in die suide van Engeland.

Al is hierdie familie so oor die wêreld versprei, het hulle die kuns bemeester om koste-effektief te kommunikeer. "E-pos en Skype is deel van ons lewe. Al is ons nie

bymekaar nie, vorm ons familie die middelpunt van wie en wat ons is en is ons verhoudinge natuurlik gebou rondom die kern van ons bestaan, wat ons Skepper is."

Maans hou van gholf speel en jag vir ontspanning en geniet fotografie as stokperdjie. Die hoogtepunt van sy dag bly egter om saam met sy gesin te wees.

Wat is naaldkooks?

Naaldkooks is 'n vorm van koolstof en word gemaak van "decant oil" – dit is die swaar, dik olie wat agterbly wanneer brandstof en ander petroleumprodukte uit ru-olie vervaardig word.

Naaldkooks is net so swart en blink soos steenkool, maar voel ligter. As jy mooi kyk, lyk dit of dit bestaan uit fyn naaldjies wat langs mekaar ingeryg lê. Vandaar die naam naaldkooks. Naaldkooks dien as die grondstof wat gebruik word om grafiet-elektrodes mee te vervaardig.

Grafiet-elektrodes?

Grafiet-elektrodes, soos op die foto hieronder, lyk soos groot, grys silinders, tot 2,8 meter lank en 750 mm in deursnee. Dit word gebruik om elektrisiteit tot binne-in reuse-oonde met skrootyster te gelei. Wanneer die elektrode byna aan die skrootmetaal in die oond raak, vorm daar 'n elektriese boog wat intense hitte genereer waarmee die skrootyster gesmelt word.



'n Huis vol stories

As die groot Tudor-huis wat jarelank bekend was as die "rektorswoning" kon praat, sou hy baie stories kon vertel oor die mense wat daar gebly het. Een so 'n storie is dié van me Anne van Zyl, 'n nooi Calderbank, wat daar grootgeword het en nou, dekades later, weer kom inloer het. Die NWU & U het geluister toe sy haar verhaal vertel het.

Die bome se blare ritsel en vanuit die tuin bring die aandwind die geur van katjiepierung en die klank van klavier-musiek. Stap jy verder, in die rigting van die dansvloer anderkant die huis, hoor jy vrolike jongmensstemme en dansmusiek.

Die Calderbanks onthaal en die groot huis naby die Potchefstroomdam is vol vrolikheid.

Dit is die prentjie wat me Anne van Zyl skilder van die swier en grasia van 'n vergange era, toe haar ouers, Hughie en Betty Calderbank, daar gewoon het.

Haar pa was 'n welvarende en gesiene sake-man en stadsraadslid, en was in 1941 die burgemeester van Potchefstroom.

Dekades later, toe Anne in Potchefstroom kom kuier, reël 'n vriendin met die visekanselier (dr

Theuns Eloff) se kantoor dat sy die huis kan gaan besoek.

"Kan jy gaan foto's neem," kom die versoek van die visekanselier se kantoor. 'n Halfuur later skuif die groot hekke van die NWU se visekanselierswoning voor my oop.

'n Huis vol herinneringe

Anne wag by die voordeur – klein en regop, met oë wat blink van die onthou.

In die sitkamer – wat eers die biljartkamer was – wys sy na die groot houtkosyne. "Dis soliede kaaat," sê sy, "en daar is gesê party van hulle was voorheen balke op skepe."

Die swierige plafon met sy delikate blom-patrone is feitlik enig in sy soort – volgens Anne het sy nog net in die Mount Nelson-hotel in Kaapstad iets soortgelyks gesien.

Net hier was 'n groot Steinway-klavier, beduie Anne. Dit was glo die laaste Steinway wat voor die Tweede Wêreldoorlog na

Suid-Afrika ingevoer is. Haar ouers het graag onthaal en dan het iemand gewoonlik op dié klavier gespeel.

"Sondae het ons en ons gaste buite in die tuin kroket gespeel en later sou my pa en die mans na die biljartkamer gaan vir 'n potjie biljart," vertel sy.

Sy onthou die swier van rooi fluweelgordyne en rooi matte, van fyn, blou porselein en luukse Sanderson-linne. Buite, sê sy, was daar 'n gesonke tuin, en twee wilgebome by 'n buitenshuise dansvloer.

Kort nadat die huis in 1942 gebou is, het haar pa 'n klompie Italiaanse krygsgevangenes van die Zonderwater-gevangenis laat kom om die grond rondom die huis voor te berei vir die tuine. (Volgens ander bronne was hulle ook verantwoordelik vir al die klipwerk in die tuin en het hulle onder toesig van 'n mnr Minnie van Potchefstroom ook die ringmuur rondom die eiendom gebou.)



Aanvanklik het hulle koring geplant, en die jaar daarna het hulle groot groentetuine aangelê. In 'n stadium was daar ook spanspeklande – 'n groot versoeking vir die studente van die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO).

Spanspekdielwe slaan toe

“Die studente het knaend kom spanspekke steel, totdat my pa op 'n dag keelvol was en opdrag gegee het dat al die spanspekke uitgehaal moet word.” Dit het die studente se pret bederf en een nag het aangeklamde studente luidkeels buite die huis hul misnoeë uitbasuin. Eers nadat 'n ontstoke Hughie 'n paar skote van die balkon af geskiet het, het die studente holderstebolder laat vat.

Anne onthou ook hoe die studente en die weermagdele van die plaaslike militêre basis gedurende die oorlogjare vyandig was teenoor mekaar. Dit was omdat baie studente gekant was teen Suid-Afrika se deelname aan die oorlog aan kant van die geallieerde magte.

Gelukkig is die herinneringe aan die oorlogjare nie net onaangenaam nie – sy onthou ook hoe sy vir die mense wat langs die dam gewoon het, met haar fiets boodskappe afgelewer het. Haar beloning was 'n sny tuisgebakte witbrood met konfyt – 'n lekkerte wat taboe was in daardie jare van voedsel-skaarsie, toe almal verbied was om wit meel te gebruik, ter wille van besparing.

Nog 'n goeie herinnering aan die oorlogjare was die groot fanfare waarmee die soldate wat “Noorde” toe is, by Cachetstasie afgesien is. “Dit was wonderlik om in hierdie huis groot te word.” Anne lag vrolik terwyl sy vertel hoe sy en haar suster, Avis, in die



Mev Anne van Zyl, neê Kalderbank, was maar twee jaar oud toe haar pa die huis laat bou het waarin die NWU-se visekanselier, dr Theuns Eloff, tans woon. Anne het daar grootgeword totdat sy as jong meisie in haar twintigs in die groot tuin voor die huis getroud is.

leivoor (toe bekend as die Dorpsvoor) agter die huis in 'n sinkbad gery het en hoe hulle in die Mooirivier geswem het.

Die einde van 'n era

Haar ma het die huis in 1964 aan die universiteit verkoop en Kaap toe getrek. Vandag bly Anne self in die Kaap en is dit 'n rare geleentheid dat sy in Potchefstroom kom.

Terwyl ons gesels, sluit me Suzette Eloff, dr Theuns se vrou, by ons aan. Sy bring 'n

gedenkboek oor die “rektorswoning” (soos die huis lank bekend was) wat in 2003 uitgegee is. “Ons sal dit waardeer as jy voor in die boek teken,” sê sy. Nostalgie laat Anne stil raak terwyl sy deur die boek blaai en toe voor in teken.

Vir oulaas poseer Anne vir 'n foto en dan is die besoek verby. Ek ry by die hek uit en draai af universiteit se kant toe. Agter my staan die huis roerloos, met die stories van baie mense veilig behoue tussen sy mure.

Tudor-woning huisves heelwat rektore

Nie sommer enigeen het die voorreg om in 'n deftige 30-vertrekhuus wat in die Tudor-styl gebou is, te woon nie.

Die rektore van die voormalige PU vir CHO het wel dié voorreg geniet. Die huis, vooreen bekend as die “rektorswoning” en net duskant die Potchefstroom Dam geleë, is deur argitek Hugh Roberts ontwerp.

Die oorspronklike eienaars, Hughie en Betty Calderbank, het dit vir 30 000 pond (R60 000) laat bou. Nadat dit voltooi is, het dit saam met die ringmuur wat rond-

om die eiendom strek, altesaam R66 000 gekos – 'n aardige bedrag vir daardie tyd.

Gelukkig kon die PU vir CHO dié spogwoning vir “net” R50 000 by die Calderbanks koop.

Die motivering was dat die universiteit 'n vergaderplek vir sy senaat wou hê, asook onthaalgeriewe vir die rektor. Die Tudor-huis se biljartkamer – wat sowat 70 mense kon huisves – was ideaal hiervoor en kort voor lank is die transaksie beklink. Die eerste rektorspaar wat ingetrek het, was prof Hennie Bingle en sy vrou, Santjie, wat van 1965 tot

1973 daar gewoon het. Hulle is gevolg deur prof Tjaart van der Walt en Babie, sy vrou, wat tot in 1989 daar was, toe prof Carools en Drienie Reinecke ingetrek het.

Dr Theuns en Suzette het in 2001 die huis betrek, en vandag – meer as 10 jaar later – woon hulle nog daar, maar nou as visekanselierspaar van die NWU.

Van die bekendes wat die rektore deur die jare in die huis onthaal het, sluit in politici, skrywers soos Audrey Blignault en aktrise Anna Neethling-Pohl.

Met **musiek** raak hulle die harte van leerders aan

Die Suid-Afrikaanse Musiekuitreik-program (SAMOP) het honderde benadeelde studente van regoor die land positief beïnvloed deur aan hulle musiekinstrumente te verskaf, asook geleenthede om in musiek-ensembles op te tree.

Hierdie uitreikprogram is in 2008 in die lewe geroep deur prof Karendra Devroop, tans die direkteur van die Skool vir Musiek op die Potchefstroomkampus, terwyl hy in die Verenigde State gewoon het en sy doktoraat voltooi het as deel van die gesogte Fulbright-beurs wat aan hom toegeken is.

“Die projek is my manier om iets aan my gemeenskap en my land terug te gee deur aan leerders in staatskole die geleentheid te gee om ‘n musiekinstrument te bestudeer en bespeel,” verduidelik prof Karendra.

“Die hart van hierdie projek is om musiek te gebruik as intervensie om leerders te help wat deur armoede, misdaad, dwelms, vigs en ‘n gebrek aan ouerlike steun geraak word.”

Dis reeds vyf jaar sedert prof Karendra en sy span, wat uit fakulteitslede van Elizabethtown-kollege, die Universiteit van KwaZulu-Natal en UNISA bestaan, met die

projek begin het. Honderde leerders regoor Suid-Afrika het al daarby gebaat.

Die span se prestasies sluit in dat ‘n konsertorkesprogram met ongeveer 47 studente by die Northbury Park Sekondêre Skool gestig is, asook ‘n soortgelyke program by die Eastwood Sekondêre Skool in Pietermaritzburg.

Saam met die personeel en studente van die Skool vir Musiek het prof Karendra onlangs nog ‘n projek by Die Wilge-hoërskool in Potchefstroom begin. Hulle het hierdie keer ‘n blaas-ensemble met ongeveer 50 leerders by die skool begin.

“Ons hoop om met hierdie projek die leerders te bemagtig deur vir hulle ‘n gevoel van vreugde in die lewe te gee. Hierdie leerders word dan aangemoedig om iets aan hulle eie gemeenskap terug te gee, en tot ‘n positiewe verandering by te dra,” sê prof Karendra.

Hy en sy span doen ook intensiewe navorsing om vas te stel watter impak die projek op die leerders het. Die doel van die navorsing is om die impak van die musiek-intervensie te bepaal, en om maniere te kry om oor tyd heen die projek te verbeter. Verskeie



Musiekkenner: Prof Karendra Devroop is ‘n indrukwekkende en talentvolle musikus. Hy is ‘n jazz-saxofoonspeler en jazz-pianis met verskeie opnames en ‘n CD agter sy naam. Hy is ook die stigter van die Karén Devroop Jazz-kwartet.

studies is tot dusver uitgevoer en sommige is in internasionale portuurbeoordeelde vaktydskrifte gepubliseer.

AngloGold Ashanti en die Rupert Musiekstigting het finansiële hulp vir die 2012-uitreikprojek verleen. Dit is egter ‘n voortdurende uitdaging om die nodige befondsing, instrumente, boeke, voorrade en toerusting te kry. Prof Karendra hoop om hierdie probleem op te los deur by groter maatskappye en organisasies om ondersteuning vir sy projek aan te klop.

“Ek glo dat musiek die vermoë het om ‘n samelewing te verander,” sê hy. “Ons moet hierdie studente net ‘n kans gee.”

Vir meer inligting, of om ‘n donasie vir die Suid-Afrikaanse Uitreikprogram te gee, kontak asseblief vir prof Karendra Devroop by 076 109 9059, of karendra.devroop@nwu.ac.za.

Leerders bemagtig: Leerders van Die Wilge-hoërskool in Potchefstroom neem aktief aan prof Karendra Devroop se blaas-ensemble deel.



Kundiges met eredoktorsgrade vereer

Die Potchefstroomkampus van die NWU het onlangs drie eredoktorsgrade en die Kanseliersmedalje aan verdienstelike akademici toegeken vir hul jarelange bydraes op die terreine van biokinetika, Bybelvertaling, internasionale reg en kunsmusiek.

Dié toekennings is tydens die Lentegradeplegtigheid op die kampus gemaak. Die ontvangers van die eredoktorsgrade is prof Gert Strydom (gesondheidswetenskappe), prof Jaap Helberg (teologie) en prof Willem van Genugten (regte).

Prof Stefans Grové (kunsmusiek) het die Kanseliersmedalje vir sy werk as komponis en innoveerder van die Suid-Afrikaanse kunsmusiek ontvang.

Die “vader” van biokinetika

Prof Gert Strydom is in akademiese kringe as die “vader” van biokinetika bekend. Hy was vir 30 jaar in die akademie by die NWU waar hy verantwoordelik was vir die ontwikkeling van biokinetika as ‘n onafhanklike gesondheidsdisipline.

Deur sy toedoen is biokinetika ook by die destydse SA Mediese en Tandheelkundige Raad as aparte gesondheidsdisipline gevestig en het die Biokinetika-vereniging van Suid-Afrika ontstaan. Hy het ook pioniersnavorsingswerk gedoen in die Suid-Afrikaanse Weermag met die rehabilitasie van beseerde oorlog-veterane in die tagtigs.

Die vertaling van die Bybel

Prof Jaap Helberg het erkenning gekry vir sy betrokkenheid by Bybelvertaling en die daarstel van die Nuwe Vertaling in Afrikaans van 1983/1992.

Hy het groot bydraes tot die bestudering van die Ou Testament gelewer, en in die vestiging van internasionale kontakte in ‘n tyd van politieke en kerklike isolasie.

Hy was van 1961 tot 1991 by die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys betrokke as onder meer rektor van die Teologiese Skool en dekaan van die Fakulteit Teologie.

Regsman van formaat

Prof Willem van Genugten van die Universiteit van Tilburg in Nederland het erkenning ontvang vir die leidende rol wat hy in ‘n aantal akademiese en professionele liggame speel, sy bydrae tot navorsing en publiserings op die gebied van die internasionale reg en sy onbaatsugtige bevordering van nagraadse studente van Suid-Afrika.


Prof Willem is ‘n professor in die internasionale reg by die Tilburg Universiteit, besoekende professor aan die Universiteit van Minnesota en sedert 2008 ‘n buitengewone professor aan die NWU. Hy het wêreldwyd by verskillende universiteite klasgegee en ook al verteenwoordigers van die Verenigde

Nasies in New York, Chili, Argentinië, Kuba, Mexiko, Nigerië, België, Switserland en Hong Kong toegesprek.


Nooit te oud vir musiek nie

Prof Stefans Grové, die ontvanger van die Kanseliersmedalje, vier vanjaar sy negentigste verjaarsdag en is steeds een van Suid-Afrika se mees prominente komponiste van kunsmusiek.

Hy het erkenning ontvang vir sy besondere bydrae as komponis en as een van die innoveerders van die Suid-Afrikaanse kunsmusiek. Hy is ook vereer vir sy bydrae tot die vestiging van ‘n Afrika-dialek in Westerse musiek en die uitlewing van die Afrika-renaissance op estetiese vlak.




Prof Gert Strydom se naam is sinoniem met biokinetika en sy bydrae tot dié dissipline het vir hom ‘n eredoktorsgraad besorg.



Prof Jaap Helberg is vereer vir sy betrokkenheid by Bybelvertaling.




Prof Willem van Genugten van Nederland is wêreldwyd bekend vir sy bydrae tot die internasionale reg.



Die negentigjarige prof Stefans Grové het die Kanseliersmedalje ontvang vir sy lewenslange bydrae tot kunsmusiek.

So speel-speel leer jy

Hou nou op speel en gaan léér – so het menige alumni se ouers in die verlede gemaak. Groot sal dié besorgde ouers se verbasing wees as hulle vandag sien hoe ernstig speletjies opgeneem word en hoe dit in ons moderne tegnologiese era ingespan word vir opleiding. Die NWU & U het by prof Herman van der Merwe, die dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie op die Vaaldriehoekskampus, gaan uitvind wat dié hedendaagse “Serious Games” behels.



Mnr Werner Ravysse (links voor) is die Serious Games-instituut se koördineerder. By hom is prof Herman van der Merwe, die dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie.

"Serious Games" is beslis nie kinderspeletjies nie – dis digitale rekenaar- of selfoonspeletjies wat wêreldwyd ingespan word om mense onder meer op te lei en te vermaak.

Die NWU se Vaaldriehoekskampus huisves sedert November 2011 Suid-Afrika se eerste instituut vir sulke speletjies, bekend as die Serious Games Institute – South Africa (SGI-SA).

Die instituut is besig om baanbrekerswerk te doen op die gebied van Serious Games in Suid-Afrika, veral rondom selfoontoepassings ("mobile apps") en speletjieprogrammering vir kommersiële doeleindes.

Die instituut is geaffilieer by die International Serious Games Institute van die Coventry-universiteit in die Verenigde Koninkryk. Dié instituut bestaan reeds sedert 2007.

"Hierdie samewerking gee ons toegang tot die Coventry-universiteit se poel van vaardighede en kundigheid," sê prof Herman.

Akademie én bedryf baat


Die instituut op die Vaaldriehoekskampus het 'n tweeledige oogmerk – die een is gerig op die akademiese, en die ander op die bedryf.

Aan die een kant gaan dit oor programmering – die instituut lei IT-studente op om die speletjies of elemente daarvan te ontwerp. Aan die ander kant verskaf die instituut ontwerpde speletjies of elemente daarvan aan die industrie en skep so ekstra inkomste vir die universiteit.

Wat die akademiese kant betref, is dit deel van derdejaar BSc IT-studente se projekte om basiese elemente vir Serious Games te ontwerp. Van volgende jaar af sal twee Serious Games-modules in die uitgebreide BSc IT-kurrikulum ingesluit word, terwyl 'n Serious Games-projek deel sal vorm van die honneursvlak van hierdie kwalifikasie.

'n Meestersgraad in Serious Games word ook vir die nabye toekoms beplan en sal na wete die eerste een in Afrika wees.

Wat die kommersialisering van Serious Games betref, streef die instituut daarna om die talle voordele van Serious Games aan die bedryf bekend te stel. Hierdie speletjies bied opleidingsmoontlikhede vir organisasies in die privaat- en openbare sektor en dra op hierdie manier dus ook indirek by tot die ekonomiese ontwikkeling van die land.



Die instituut gebruik Blender, 'n sagtewareprogram, wanneer hulle hul speletjies ontwikkel. Hier is hulle besig om 'n avatar te skep.

Projekte

Die instituut is reeds besig met talle projekte, insluitende "breinspeletjies" en speletjies vir finansiële bestuur, risikobestuur, en veiligheidsopleiding. Van hulle is die volgende:

- 'n Lewensvaardighede-speletjie met sokker as tema vir MXiT
- 'n Speletjie bekend as TASK vir MXiT (TASK staan vir Teen/Adult Survival Kit)
- That's Life, 'n bordspeletjie, vir tablette
- Royalopoly, 'n speletjie oor spanwerk in besighede, vir tablette, rekenaars en selfone
- 'n Veiligheidsspeletjie vir risikobestuur in onder meer fabriek, vir tablette, rekenaars en selfone

Projekte soos hierdie bied ook geleenthede vir navorsing, wat op sy beurt weer kan bydra tot die bevordering van Serious Games in Suid-Afrika.

So werk dit

Serious Games bied dieselfde gevoel van "speel" as gewone rekenaarspeletjies en bied dikwels ook aan die deelnemer die kans om na ingewikkelder vlakke te vorder en/of uiteindelik te wen.

Anders as die gewone rekenaarspeletjies is Serious Games se primêre doel egter nie om te vermaak nie (hoewel hulle ook vermaaklik kan wees), maar om uitdagings aan die gebruikers te stel wat hulle moet oorkom. "Sonder dat hulle besef hulle leer, begin hulle die konsepte of abstrakte aanleer en gebruik binne die konteks van die speletjie," sê prof Herman.

Werklike situasies of prosesse word op die rekenaar- of selfoonskerm nageboots sodat mense onder meer nuwe vaardighede kan aanleer (soos om 'n vliegtuig te vlieg) of bestaandes kan opknip (byvoorbeeld militêre personeel wat deur middel van nagebootste oorlogssituasies hul strategiese vaardighede

verbeter). Serious Games kan ook ingespan word om "mensvaardighede" oor te dra. Situasies of toestande in die werkplek kan byvoorbeeld op die skerm nageboots word sodat die deelnemer bepaalde effektiewe gedrag of bestuurs-tegnieke kan aanleer.

Speletjies skep slimkoppe

Prof Herman het in Oktober hierdie jaar tydens 'n konferensie in Finland ervaar hoe Angry Birds, een van die mees suksesvolle selfoonspeletjies, kinders leer van byvoorbeeld planete of liggaamselle sonder dat hulle dit besef.

"In een geval het 'n dogtertjie van ses jaar presies aan kongresgangers verduidelik wat 'n limfosiet ('n soort witbloedliggaampie) en 'n makrofaag ('n soort sel wat in bindweefsel aangetref word) is. En dit net omdat sy een van die Angry Bird-speletjies gespeel het," sê prof Herman.

Instituut hou speletjiemarathon

Die instituut het van 27 Junie tot 3 Julie vanjaar 'n "Winter GAMEshop" aangebied vir onder meer studente, dosente en verteenwoordigers van die korporatiewe sektor.

Die aanbieders van die werkswinkel het vir hulle gewys hoe die warboel van gekompliseerde kodes vertolk kan word tot verstaanbare speletjie-programmering. Hulle het ook die kommersiële en opleidingspotensiaal van Serious Games in Suid-Afrika beklemtoon. Daarby het die instituut ook aan die einde van September 'n 24-uur speletjiemarathon aangebied waar skoliere, studente en mense van sover as Johannesburg en Pretoria kom deelneem het aan hierdie sogenaamde "LAN-party".

Onthou jy Brylcreem, kamme en kougom?

"Komaan, vertel ons," por Danny Zuko (John Travolta) se vier mede-T-Birds dié kamphaan aan in die film Grease in die toneel waar hulle bo-op Rydell High se pawiljoen voetbalspelers spot. "Ons wil weet wat op die strand gebeur het."

Dan verskuif die toneel na Sandy Dumbrowski (Olivia Newton-John), waar sy saam met die Pink Ladies buite Rydell High se kafeteria middagete geniet.

"Wat het jy die somer gedoen," wil Frenchie weet.

"Ek het meeste daarvan by die strand deurgebring," antwoord sy. "Ek het 'n ou daar ontmoet... hy was soort van spesiaal... hy was baie romanties." En, voor jy weet, val Zuko weg met: "Summer loving, had me a blast," en Sandy met: "Summer loving, happened so fast."





Dis is maar net een van die ikoniese tonele uit die 1978 trefferrolprent, *Grease*, wat vanaf 29 Augustus tot 1 September by die Sanlam-ouditorium op die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit op die planke gebring is.

Grease gaan oor die verhaal van 10 seniors in hul laaste jaar van lief en leed, gedaanteverwisselings en motorrenne in afvoerkanale by hul hoërskool in 1958.

Vir diegene bekend met NWU-personeel, was die rolverdeling gewis 'n sterbelaaide een. Die Potchefstroomkampus se voormalige rektor, prof Annette Combrink, het die rol van Rydell se streng skoolhoof, Miss Lynch, vertolk.

Die Skool vir Kommunikasiestudies se eie hansomers, mnr GP van Rheede van Oudtshoorn, het eienaarskap van die karakter Vince Fontaine geneem en me Tammy Aslett, Veritas-manskoshuis se huisma, se voete is as Sandy onder haar uitgeslaan.

Die produksie, onder regie van me Nacia Kruger, is deur NWU-Puk Kunste en die Instituut vir Kunstebestuur en -ontwikkeling (Artema) aangebied.

Volgens mnr Chris de Bruyn, die bestuurder van Artema, was die produksie 'n reuse-sukses. "Ons het vier vertonings gehad met kaartjieverkope van meer as 91% per aand. Ons het elke aand 'n staande applous ontvang – heel duidelik was dit een van ons gewildste vertonings nog!"

Grease is die woord!

Die NWU-produksie van die musiekblspel, *Grease*, was 'n groot sukses – hier is sommige se kommentaar:

- *Baie dankie vir die ongelooflike ervaring! Elkeen wat deel was hiervan, ek waardeer julle so baie - ek sal dit nooit vergeet nie!* - **Nadia Reyneke**
- *Grease was absoluut puik! Die 'vocals', choreografie, musiek, die 'crew'... alles absoluut perfek en van uitstaande gehalte! Baie geluk! Dit was 'n voorreg vir my as oud-Puk om dit te kon sien! Julle mag maar uiters trots voel op julleself met 'n uitstekende professionele produksie!* - **Danie Pretorius**
- *Great vertoning gewees, en nog cooler, Puk FM se seleksie van een van die Grease liedjies na die show. Legend! Beste universiteit ooit!* - **Mbali Thanjekwayo**
- *My edeldierbaarstes, wat 'n voorreg was dit nie vir my en die edele Minister van Kamoefflering, Spesiale Agent J.A.N., om die pas afgelope*

Saterdagavond ons weg uit die broei-kaste te vind en na die wonderlike operette, Ghries, wat deur julleself op die planke, klanke en veral dan die verhoog van die SANLAM Konsertsaal gebring is, in aanskoue te neem nie! Dit het ons terstond laat terugverlang na ons dae in die Alabama Boereorkes, waar die President die Bass en J.A.N. die "fool" gespeel het. 'n Hartlike woord van geluk met hierdie puik produksie!!! Laastens, gespikkeldes, 'n spesiale woord van gelukwensing aan my jarelange vriendin, voormalige Hoof Staatsamptenaar, Hoof Trompop-pie, jou ma, my ma, onse ma, Annette Combrink... "stil broers (en susters), daar gaan 'n vrou verby; kyk mooi na haar, daar is min soos sy..." PUKKE, Gee my 'n P...Dankie...
President van Tarentaal

Gaan na die GREASE! NWU PUKKE Facebook-bladsy vir meer kommentaar en foto's.

Teken doele aan vir sokker in Suid-Afrika

Die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus is 'n uitmuntende voorbeeld van hoe die NWU gewone mense in staat stel om uitsonderlik te word. Die NWU & U kyk na die prestasies en bydraes van die instituut sedert sy totstandkoming in April 2007.

Die Sokkerinstituut, wat reeds twee keer die Universiteit Sport Suid-Afrika (USSA) se sokkertitel verower het, het bewys dat dit 'n plek is waar nuwe sterre gebore word en bestaande sterre selfs helderder skyn.

Sedert die totstandkoming daarvan in 2007 het die instituut verskeie spelers vir professionele ligaspanne geproduseer, afgeronde graduandi in Sportwetenskap gelever, en bestuurders en jong spelers uit die gemeenskap afgerig.

Werk saam om te wen

Die instituut het in 2009 vir die eerste keer die USSA-kampioenskap gewen deur die span van Venda, die vorige jaar se weners van die kampioenskap, in die eindstryd te klop.

Die volgende jaar, in 2010, het die span weer eens hulle kant gebring toe hulle hul USSA-titel met welslae verdedig het, en die eerste span geword het wat hierdie toernooi twee keer na mekaar kon wen. "Hierdie jaar het albei ons spanne gekwalifiseer vir die USSA-kampioenskap, wat in die eerste week van Desember in Kaapstad gaan plaasvind," sê mnr Richard Bokveldt, die bestuurder van die Sokkerinstituut. "Ons doelwit is om nog 'n

rekord op te stel deur die eerste universiteit te wees wat die trofee vir die derde keer wen."

Word deel van die groot liga

Om alles te kroon, het ses spelers gedurende die afgelope vyf jaar kontrakte geteken by bekende sokkerspanne – vier in die premierliga en twee in die eerstedivisie-liga.

In 2010 het Andile Khumalo geskiedenis gemaak deur die eerste speler te word wat direk vanaf die instituut deur 'n premiersokkerligaspan gewerf is. Andile, toe 'n 20-jarige middelveldspeler, het 'n driejaarkontak met die Durbanse Amazulu Football Club (FC) gesluit.

Die instituut het dit in 2011 weer reggekry – hierdie keer met die kontrak van die doelwagter Boalefa Marvin Pule by die premierligaspan, SuperSport United. Vanjaar het Thabo Rakhale – 'n aanvallende middelveldspeler – 'n driejaarkontrak met Orlando Pirates geteken.

Nog 'n voormalige Sokkerinstituut-speler wat in 2012 deur 'n professionele span gewerf is, is Luvolwethu Mpeti. Hierdie vleuel het by die Platinum Stars aangesluit. Die twee spelers wat deur spanne in die eerstedivisie-liga gewerf is, is Phaladi Mofokeng wat 'n kontrak

geteken het met die sokkerklub Azziz Kara (FCAK), en Xolani Qunta wat vir Blackburn Rovers FC speel.

Teken doele aan in die klaskamer

Alle spelers sal egter nie deur professionele spanne gewerf word nie, en dié wat wel gewerf word, kan nie onbepaald professionele sokker speel nie. Dit is waarom hul sokkervermoë met 'n akademiese vermoë gebalanseer moet word.

Om dit te bereik, kan spelers by die instituut vir 'n driejaardiploma in Sportwetenskap inskryf. Tot dusver het meer as 30 studente van die Sokkerinstituut so 'n diploma verwerf. Tans is daar 24 ingeskrewe studente vir hierdie kursus wat saam met ander erkende akademiese kursusse by die universiteit aangebied word.

Die diploma maak dit vir hulle moontlik om by sportafrigting, -bestuur of -administrasie betrokke te kan raak. "Na my wete is ons instituut die enigste een wat daarin geslaag het om 'n redelike aantal sokkerspelers op te lewer wat nie slegs deeglik deur professionele afrigters opgelei is nie, maar ook 'n formele opvoeding ontvang het," sê Richard.

Die kennisspel

Sportwetenskap verskaf ook talle navorsingsmoontlikhede. Van die navorsingsonderwerpe wat ondersoek word, sluit prestasieverbetering, sokkerbeserings en ontleding van afrigtingsprogramme in.

Die Vrye Universiteit van Amsterdam het in 2010 in samewerking met die Nasionale Navorsingstigting drie navorsingsprojekte by die Sokkerinstituut geloods. Hierdie projekte is gerig op die ontwikkeling van 'n nuwe metode om sokkerwedstryde te ontleed om afrigters en spanne te help om beter te presteer.

Gee die bal aan

Oordrag van vaardighede en die implementering van sokkerverwante kundigheid is nie beperk tot die wêreld van akademie en



navorsing nie – dit is ook deel van gemeenskapsontwikkeling.

Reg van die begin af was een van die doelwitte van die Sokkerinstituut om sokker as katalisator vir groei en ontwikkeling te gebruik. In die lig hiervan speel die instituut 'n belangrike rol in sokkerontwikkeling op voetsoolvlak regoor die land, en veral in Noordwes.

As deel van sy maatskaplike verantwoordelikeheid het die instituut onlangs 150 onderwysers opgelei in 'n program wat op afrigting, skeidsregterswerk, die bestuur van sokkerspanne en die bedryf van 'n sokkerliga fokus. Nog 'n voorbeeld van hulle betrokkenheid by die gemeenskap is 'n sokker-afrigtingswerkswinkel wat die instituut in samewerking met die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging (SAFA) in Augustus hierdie jaar in Noordwes aangebied het.

Ongeveer 60 afrigters het die werkswinkel bygewoon wat aangebied is deur mnr Ted Dumitru, wat onlangs as tegniese konsultant by die instituut aangesluit het. "Spelers van ons instituut help ook om koshuisspanne af te rig wat in die universiteit se interne liga kompeteer," sê Richard. "Ander is skeidsregters vir ligawedstryde, wat aan hulle die kans gee om dit wat hulle in die klaskamer geleer het, toe te pas."



Instituut baat by sokker-ghoeroes se ervaring

Sommige van Suid-Afrika se vaardigste sokkerkundiges is betrokke by die Sokkerinstituut. Kyk net na die ervaring van die afrigter, mnr Augustine "Mthakathi" Makalalane, die tegniese konsultant en raadgever, mnr Ted Dumitru, en die bestuurder, mnr Richard Bokveldt.

Bafana en Banyana

Augustine, wat die span sedert 2011 afrig, is 'n voormalige Bafana Bafana-speler en hoofafrigter van die nasionale vroue-sokkerspan, Banyana Banyana.

Hy het in Julie 1992 sy debuut teen Kameroen gemaak en daarna nog 14 keer vir Bafana Bafana uitgedraf. Hy was ook deel van die wenspan wat in 1996 die Afrika Nasionale beker verower het. Daarby het hy – as een van die eerste spelers in die land wat vir 'n oorsese klub

gespeel het – sewe seisoene vir FC Zürich uitgedraf.

Mthakathi, soos hy bekendstaan, het kwalifikasies in Sportwetenskap en onderwys. Hy was die hoofafrigter by die Vaal Universiteit van Tegnologie en die Universiteit van Johannesburg, asook die afrigter-instrukteur vir SAFA se afrigtingsopvoedingsprogram.

Lewenslange ervaring

Nog 'n sokker-ghoeroe wat sy uitgebreide kennis met die Sokkerinstituut deel, is Ted, die huidige tegniese direkteur van Mamelodi Sundowns in die premier sokkerliga en 'n voormalige afrigter van die Suid-Afrikaanse nasionale span.

Hierdie 72-jarige kundige se omvattende ervaring sluit afrigtingsposte in Roemenië, Turkye, die VSA, Zambië en verskeie Suider-Afrikaanse lande in.

Aan die stuur

Richard, die bestuurder van die instituut, is in Maart 2012 aangestel. Sedertdien het hy 'n koshuissokkerliga met meer as 26 spanne op die been gebring.

Voordat hy by die instituut aangesluit het, was hy die bestuurder van sokkerontwikkeling op die NWU se Potchefstroomkampus, waar die koshuissokkerliga uit 56 spanne bestaan het.

Onder sy leiding is verskeie jong spelers vir die premiersokkerliga en Suid-Afrikaanse spanne gewerf, en het hulle aan internasionale toernooie in Spanje en Brasilië deelgeneem.

"Ek is baie beïndruk met die prestasie van die Sokkerinstituut sedert dit in 2007 tot stand gekom het, en ek is trots daarop om daarmee geassosieer te word," sê Richard.

Dit begin hier
Dit begin hier

alles hier

